



PROVINSIALE REGERING VAN DIE WES-KAAP

DEPARTEMENT VAN GEMEENSKAPSVEILIGHEID

POS 4

JAARLIKSE PRESTASIEPLAN 2011/12

(Vergelyking tussen gedrukte dokumente)

DISCLAIMER

The English version of this Annual Performance Plan is regarded as the official text. The Department cannot be held liable for any misinterpretations that may have occurred during the translation process.

VRYWARING

Die Engelse weergawe van hierdie Jaarlikse Prestasieplan word geag die amptelike teks te wees. Die Departement aanvaar geen verantwoordelikheid vir moontlike wanvertolkings gedurende die vertalingsproses nie.

INKCAZO

Inguqulelo yesiNgesi yale Inkqubo yogcwanchiso yonyaka ittathwa njengeyona isebeanza ngokusesikweni. Isebe alinakubekwa tyala, ngazo nazihpi na iziphoso ezengathi zibe khona ngxesha lenguqulelo yezinye iilwimi.

Vir addisionele afskrifte van hierdie dokument, kontak asseblief:

Die Departementshoof

Departement van Gemeenskapsveiligheid

Posbus 5346

Kaapstad

8000

Suid-Afrika

Tel: +27-21 483 3929

Faks: +27-21 483 6412

ISBN: 978-0-621-39913-4

PR: 39/2011

VOORWOORD

DIE WES-KAAPSE REGERING SE DOELWIT IS OM ELKE GEMEENSAP IN DIE PROVINSIE 'N VEILIGE PLEK TE MAAK OM IN TE WOON, TE WERK, TE LEER, TE ONTSPAN EN IN ROND TE BEWEEG.

Die Departement van Gemeenskapsveiligheid se visie is om 'n samelewing met ope geleenthede te skep wat vry is van vrees vir misdad en streef daarna om veiligheid te verhoog deur werk te maak van die uitdagings verwant aan hoë vlakke van geweldsmisdad, rampokkery, middelmisbruik en padsterftes. Die departement sal volhou om sy strategie uit te brei deur veiligheid almal se verantwoordelikheid te maak.

Die doelwit van die Wes-Kaapse Regering is om van elke gemeenskap in die provinsie 'n veilige plek te maak om in te woon, te werk, te leer, te ontspan en in rond te beweeg. Die departement sal instansies en benaderings ontwerp en daarstel wat veiligheid verhoog deur hulpbronne, kennis, kreatiwiteit en alle rolspelers se betrokkenheid te mobiliseer met inbegrip van plaaslike regering, die burgerlike samelewing, sakesektor en individuele burgers ten einde geleenthede om misdad te pleeg, te verwyder; oortreders se motivering om misdad te pleeg, te verminder; en die grondoorsaak van misdad op die langer termyn te verwyder. Op hierdie manier stel die Departement in die vooruitsig dat veilige gemeenskappe op die grondslag van vennootskappe gebou sal word.

Die Jaarlikse Prestasieplan vir 2011/12 stel die versterking van die Departement se kapasiteit om die provinsiale uitvoerende bestuur oor die provinsie se polisiëringsbehoefte en prioriteite te adviseer en die doeltreffendheid en doelmatigheid van die polisie diens, soos vereis deur artikel 206 van die Grondwet, in die vooruitsig. Ten einde sy mandaat na te kom, sal die Departement sy toesighoudende kapasiteit versterk deur middel van toepaslike provinsiale wetgewing wat hom hiertoe in staat stel. Die werk wat deur die Departement uitgevoer word, sal deur stewige data-ontleding en navorsingsbevoegdhede ondersteun word wat op gemeenskapskapasiteit voortbou en die trajek van aktiewe gemeenskapsdeelname aandryf. Dit behoort die grondslag daar te stel vir meer strategies georiënteerde skakeling tussen die Departement, Suid-Afrikaanse Polisie diens (SAPD) en wetstoepassingsagentskappe.

Vier-en-twintig-uur-verkeerspolisiëring sal 'n topprioriteit op die Departement se sakelys bly. Die Departement wil elke gemeenskap so ver kry om by te dra tot die veiliger gebruik van paaie. Dit sal afgedwing word deur streng, sigbare verkeerswetstoepassing oral in die provinsie.

Die Departement gaan voort met sy mandaat om alle departemente in die Provinsiale Regering van die Wes-Kaap (PRWK) te adviseer en van hulp te wees ten einde nakoming van die regulatoriese en beleidsvoorskrifte verwant aan sekuriteitsrisiko's te verseker. Dit sal regstreeks bydra tot die departementele doelstelling om die beveiliging en beskerming van die werknemers, belanghebbers, inligting en bates van die PRWK te verbeter.

Die vyfjaar- Strategiese Plan 2010/11 – 2014/15 van die Departement van Gemeenskapsveiligheid sit sy planne uiteen om sy gemeenskapsveiligheidsmandaat na te kom met die insluiting van die mandate om verkeerswetstoepassing en sekuriteitsrisiko's te bestuur. Die plan identifiseer kontinuïteitsgebiede asook nuwe vertrekpunte. Derhalwe sal die Departement die vier fundamentele elemente van sy strategiese plan beoefen deur burgerlike oorsig te optimaliseer, verhoudings tussen die gemeenskap en die polisie te verbeter en beveiligings- en beskermingsdienste asook padveiligheid te optimaliseer.

Uitvoerende Gesag van die Departement van Gemeenskapsveiligheid

LUR Albert Fritz

Daar word hiermee gesertifiseer dat hierdie Jaarlikse Prestasieplan:

- deur die bestuur van die Departement van Gemeenskapsveiligheid onder leiding van LUR Albert Fritz ontwikkel is
- ooreenkomstig die huidige Strategiese Plan van die Departement van Gemeenskapsveiligheid ontwikkel is
- 'n akkurate weerspieëling is van die prestasieteikens wat die Departement van Gemeenskapsveiligheid sal streef om te behaal gegewe die hulpbronne wat in die begroting vir 2011/12 beskikbaar gestel is.

Moegamat Frizlar

Handtekening: _____

Hoof- Finansiële Beampte

Ansaaf Mohamed

Handtekening: _____

Hoofamptenaar verantwoordelik vir Beplanning

Douw Steyn

Handtekening: _____

Hoofdirekteur: Korporatiewe Dienste

Dr. Gilbert Lawrence

Handtekening: _____

Rekenpligtige Beampte

Goedgekeur deur:

LUR Albert Fritz

Handtekening: _____

Uitvoerende Gesag van die

Departement van Gemeenskapsveiligheid

DEEL A: STRATEGIESE OORSIG

1. OPGEDATEERDE OMSTANDIGHEIDSONTLEDING

- 1.1 Prestasieverrigtingsomgewing
- 1.2 Organisasoriese Omgewing

2. HERSIENING VAN WETGEWENDE EN ANDER MANDATE

3. OORSIG VAN 2011/12-BEGROTING EN MTUR-RAMINGS

- 3.1 Geraamde Besteding
- 3.2 Verband tussen Bestedingstendense en Strategiese Uitkomsgeoriënteerde Doelstellings

DEEL B: PROGRAM- EN SUBPROGRAMPLANNE

4. PROGRAM 1: ADMINISTRASIE

- 4.1 Jaarlikse teikens per strategiese doelwit vir 2011/12
- 4.2 Prestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2011/12 – 2013/14
- 4.3 Kwartaallikse teikens vir 2010/11
- 4.4 Rekonsillasie van prestasieteikens met die Begroting en MTUR

5. PROGRAM 2: BURGERLIKE TOESIGHOUDING

- 5.1 Jaarlikse teikens per strategiese doelwit vir 2010/11
- 5.2 Prestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2011/12 – 2013/14
- 5.3 Kwartaallikse teikens vir 2011/12
- 5.4 Rekonsillasie van prestasieteikens met die Begroting en MTUR

6. PROGRAM 3: MISDAADVOORKOMING EN GEMEENSKAPSPOLISIE-VERHOUDINGE

- 6.1 Jaarlikse teikens per strategiese doelwit vir 2011/12
- 6.2 Prestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2011/12 – 2013/14
- 6.3 Kwartaallikse teikens vir 2011/12
- 6.4 Rekonsillasie van prestasieteikens met die Begroting en MTUR

7. PROGRAM 4: VERKEERSBESTUUR

- 7.1 Jaarlikse teikens per strategiese doelwit vir 2011/12
- 7.2 Prestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2011/12 – 2013/14
- 7.3 Kwartaallikse teikens vir 2011/12

7.4 Rekonsiliasie van prestasieteikens met die Begroting en MTUR

8. PROGRAM 5: SEKURITEITSRISIKOBESTUUR

8.1 Jaarlikse teikens per strategiese doelwit vir 2011/12

8.2 Prestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2011/12 – 2013/14

8.3 Kwartaallikse teikens vir 2011/12

8.4 Rekonsiliasie van prestasieteikens met die Begroting en MTUR

DEEL C: SKAKELS MET ANDER PLANNE

9. SKAKELS MET DIE LANGTERMYN-INFRASTRUKTUUR- EN ANDER KAPITAALPLANNE

10. VOORWAARDELIKE TOELAES

11. OPENBARE ENTITEITE

12. OPENBARE-PRIVATE VENNOOTSKAPPE

DEEL D: OPGEDATEERDE DEPARTEMENTELE ORGANOGRAM

BYLAE D: HERSIENING VAN DEPARTEMENTELE STRATEGIESE PLAN 2010-2015

LYS VAN AKRONIEME

AARTO	–	Administratiewe Beoordeling van Verkeersmisdrywe
BAC	–	Sake-ondernemings teen Misdaad (Business Against Crime)
BI	–	Bedryfsinligting
BW	–	Buurtwag
BW's	–	Buurtwagte
DH	–	Departementshoof
DH's	–	Departementshoofde
DvdP	–	Departement van die Premier
DvGV	–	Departement van Gemeenskapsveiligheid
DvVOW	–	Departement van Vervoer en Openbare Werke
GDS	–	Gemeenskapsdienssentrum
GIBSGV	–	Geïntegreerde Inligtingbestuurstelsel vir Gemeenskapsveiligheid
GOP	–	Geïntegreerde Ontwikkelingsplan
GPF	–	Gemeenskapspolisieforum
GPF's	–	Gemeenskapspolisieforums
GVF	–	Gemeenskapveiligheidsforum
GVF's	–	Gemeenskapveiligheidsforums
GVP	–	Geïntegreerde Vervoerplan
HTG	–	Hulpbrontoewysingsgids
LUR	–	Lid van die Uitvoerende Raad
MISS	–	Minimumstandaarde vir Inligtingsekuriteit (Minimum Information Security Standards)
MPD	–	Munisipale Polisie diens
MPSS	–	Minimumstandaarde vir Fisiese Sekuriteit (Minimum Physical Security Standards)
MTUR	–	Mediumtermyn-uitgaweraamwerk
OKD	–	Onafhanklike Klagtedirektoraat
PBP's	–	Polisiëringsbehoefte en –prioriteite
PRMTUS	–	Plaaslike Regering: Mediumtermyn-uitgawesiklus
PRWK	–	Provinsiale Regering van die Wes-Kaap
PVBS	–	Padverkeerbestuursentrum
SAPD	–	Suid-Afrikaanse Polisie diens
S-eI	–	Sentrum vir e-Innovasie
SITA	–	Staatsinligtingstegnologie-agentskap
SOBO	–	Sentrum vir Onderwysbestuur-en-ontwikkeling
VWT	–	Verkeerswetstoepassing
WGO	–	Wêreldgesondheidsorganisasie
WTA	–	Wetstoepassingsagentskap
WTA's	–	Wetstoepassingsagentskappe

DEEL A: STRATEGIESE OORSIG

1. OPGEDATEERDE OMSTANDIGHEIDSONTLEDING

Die PRWK is genoodsaak om sy verkiesingsmandaat in die praktyk om te skakel. Deur 'n proses van strategiese beplanning het die PRWK twaalf (12) strategiese doelwitte geïdentifiseer. Die Wes-Kaapse regering se doelwit is om van elke gemeenskap in die provinsie 'n veilige plek te maak om in te woon, te werk, te leer, te ontspan en in rond te beweeg. Die Departement van Gemeenskapsveiligheid sal 'n beheersende en fasiliterende rol vervul in die provinsiale strategiese doelwit om veiligheid te verhoog. Hierdie strategie word gegrond op die "samelewing as geheel"-benadering en om "veiligheid almal se verantwoordelikheid te maak".

Deur die hele samelewing te betrek, word daar wegbeweeg vanaf 'n reaktiewe benadering na 'n breër fokus op misdaadvoorkoming deur, onder andere, veilige gemeenskappe op 'n vennootskapsbasis te bou. Op die oomblik is daar bestaande vennootskappe waarbinne die Departement funksioneer. Om hierdie trajek voort te sit en te versterk, sal die Departement 'n toonaangewende rol vervul in die ontwerp en implementering van die instansies en benaderings wat nodig is om doeltreffende sekuriteitsvennootskappe te skep en te handhaaf. Die primêre fokus van die strategie is dus om bestaande vennootskappe voort te sit en te versterk en nuwe volhoubare vennootskappe te inisieer ten einde as katalisator op te tree en die skep van veilige, positiewe omgewings en gemeenskappe te ondersteun waar die voorkoms van misdaad uit die staanspoor minder waarskynlik sal wees. Die Departement sal, binne die dwarsliggende bestuursbenadering, hulpbronne, kennis, kreatiwiteit en alle belanghebbers se deelname mobiliseer. Op hierdie manier sal noue samewerking versterk word om sodoende 'n holistiese benadering tot 'n volhoubare oplossing vir misdaad te bevorder en dit omvat ook dat daar op 'n tussenregeringswyse gewerk sal word. Die Departement is tans besig om strategieë en beste praktyke te bepaal oor hoe dit, gegewe sy beperkte mandaat, op die beste wyse tot die bereiking van sy provinsiale strategiese doelwit 5 – om veiligheid te verhoog – kan bydra. Tot tyd en wyl sodanige prosesse gefinaliseer is, word drie (3) horisonne gestel, naamlik:

- verwydering van geleenthede om misdaad te pleeg
- vermindering van oortreders se motivering om misdaad te pleeg
- verwydering van die langtermyn-grondoorzaak van misdaad.

Die drie (3) horisonne sal ook die drie (3) historiese beleidsprioriteite van die Departement van Gemeenskapsveiligheid omvat. Hierdie prioriteite is:

- sekuriteitsdienste vir die regering se bates, personeel en besoekers
- burgerlike toesighouding oor die SAPD en ander wetstoepassingsagentskappe
- Padveiligheid (insluitend verkeerswetstoepassing).

Die plan om hierdie uitkomst te behaal, sal oor die volgende drie (3) boekjare ingefaseer word. In 2011/12 sal hierdie beleidsprioriteite steeds die Departement se hooffokus bly en sal daar in hierdie tydperk belangrike vordering op al hierdie terreine aangedryf word.

Voorts sal daar in 2011/12 'n belangrike ondersoek- en ontwerppoging aangewend word om die beleidsprioriteite soos hierbo uiteengesit, tot uitvoer te bring. Hierdie poging sal 'n werkstroom insluit om ondersoek in te stel na hoe om die PRWK se hulpbronne, fasiliteite en personeel die beste op verhoogde veiligheid, beide binne en rondom die PRWK se eiendom, te fokus. Die werkstroom sal 'n benadering ontwerp wat:

- alle regstreekse besteding aan sekuriteit deur die Provinsiale Regering (met inbegrip van die sekuriteitsbegrotings van individuele departemente) koördineer en optimaliseer ten einde veiligheid te maksimeer en geleenthede vir misdaad binne alle regeringseiendomme en -aktiwiteite te minimaliseer. Die werkstroom sal byvoorbeeld oorweeg of alternatiewe modelle vir die verkryging van sekuriteitsdienste groter veiligheid op meer kostedoeltreffende wyse sal oplewer en sal bestaande sekuriteitsuksesverhale binne die provinsiale regering identifiseer wat wyd gedupliseer kan word;
- 'n gekoördineerde, geteikende benadering deur alle Provinsiale Regeringsdepartemente en entiteite aandryf om 'n doeltreffende rol in die maksimalisering van veiligheid en minimalisering van geleenthede vir misdaad in hul omliggende buurte en gemeenskappe te vervul. Die werkstroom kan byvoorbeeld geleenthede ondersoek vir regeringsfasiliteite om tot die pogings van veiligheidsinisiatiewe soos verbeteringsdistrikte in hul onmiddellike buurte by te dra;
- 'n gekoördineerde, geteikende benadering deur alle Provinsiale Regeringsdepartemente en entiteite aandryf om by te dra tot die demotivering van oortreders en om werk te maak van die grondoorsake van misdade. Die werkstroom sal byvoorbeeld die regering se bestaande werk by 'n geïntegreerde strategie om substansmisbruik die hoof te bied, inkorporeer.

’n Ander werkstroom sal ondersoek instel na hoe die PRWK sy wetgewende magte die beste kan gebruik om toesighouding oor die SAPD en ander staats-wetstoepassingsagentskappe te monitor en uit te oefen op ’n wyse wat in ooreenstemming is met die “samelewing as geheel”-benadering tot veiligheid.

Die derde werkstroom sal oorweeg hoe om die hulpbronne en vaardighede van die samelewing as geheel deel te maak van die doelwit om padveiligheid te verhoog en sal oorweeg hoe om die provinsie se hulpbronne vir padveiligheid, met inbegrip van alle munisipaliteite, die beste by ’n breër provinsiewye padveiligheidsstrategie te integreer. Daar sal ook van die werkstroom verwag word om werk te maak van die verdeling tussen die Departemente van Gemeenskapsveiligheid en Vervoer en Openbare Werke en nasionale inisiatiewe soos die Administratiewe Beregting van Verkeersmisdrywe (AARTO).

In die finale instansie sal ’n werkstroom op die ontwerp van instansies en benaderings tot sekuriteitsvennootskappe fokus. Die strategie om “veiligheid almal se verantwoordelikheid te maak” noodsaak dat nuwe instansies en benaderings daargestel moet word. ’n Openbare-private Wes-Kaapse Sekuriteitsvennootskap kan byvoorbeeld van stapel gestuur word met ’n uitdruklike mandaat en ’n toegewyde begroting om die hulpbronne, kennis en kapasiteit van die regering, die privaatsektor en burgerlike samelewing te identifiseer, te mobiliseer en te integreer om veilige gemeenskappe te skep. Op sy beurt sal so ’n vennootskap help om ’n netwerk van doeltreffende streeks- en plaaslike veiligheidsvennootskappe met duidelike mandate en veiligheidsbegrotings te mobiliseer wat moontlik tot die bestaande netwerk van verbeteringsdistrikte en buurtwagte kan bydra. Sodoende sal die vennootskap nie net kennis en kapasiteit deel nie maar kan ’n reeks finansiële aansporings vir doeltreffende gemeenskapsveiligheidsvennootskappe aangebied word.

Tydens die 2012/13-boekjaar sal hierdie nuwe benaderings en instansies in geselekteerde gemeenskappe en by die Provinsiale Regering se terreine getoets word. Die impak van die “samelewing as geheel”-model sal omsigtig geëvalueer word en alle lesse gedokumenteer word. Vanaf die 2013/14-boekjaar en daarna sal daar begin word met die implementering van die nuwe benaderings en instansies op ’n wyer skaal oor al vier van hierdie fokusgebiede heen, onderwyl ’n sistematiese evaluasie tegelykertyd uitgevoer sal word.

Die bereiking van die provinsiale strategiese doelwit om veiligheid te verhoog, sal grootliks tot die verwesenliking van die nasionale regering se uitkomste bydra, maar in die besonder tot die uitkoms dat “alle mense in Suid-Afrika veilig moet wees en veilig moet voel”.

1.1 Prestasieverrigtingsomgewing

Die Departement het ten doel om sy mandaat van burgerlike oorsig oor die polisie, soos weerspieël in artikel 206 (3) van die Grondwet, te optimaliseer. Om hierdie uitkomst te behaal, sal die Program: Burgerlike Oorsig 'n toonaangewende rol vervul in die optimalisering van burgerlike oorsig oor die SAPD en ander staatswetstoepassingsagentskappe. Dit sal die voorsiening van bewysgebaseerde strategiese navorsing en beleidsadvies, monitering, evaluering en verslagdoening oor die polisie se werkverrigting en optrede insluit.

Hierdie navorsing het, ter nakoming van artikel 206 (1) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996), as sy hoofdoelwit om 'n gedetailleerde ontleding te voorsien van die polisiëringsbehoefte en -prioriteite in die Provinsie Wes-Kaap. 'n Aantal sleutelbevindings is gemaak, waarvan die volgende die vernaamste is:

- dat die SAPD 'n strategie moet ontwikkel om die probleem van wapens en skerp voorwerpe wat in geweldsmisdaad gebruik word, onder die loep te neem;
- dat middelmisbruik en die behoefte om daarvan werk te maak steeds 'n sleuteluitdaging in die provinsie is. 'n Strategie om die onwettige voorsiening van dwelms te verlaag, moet deur die SAPD met hulpverlening deur ander staatsagentskappe ontwikkel en geïmplementeer word;
- dat die aktiwiteite van georganiseerde misdaadsindikate in die algemeen en bendes in besonder binne die provinsie as 'n dryfkrag agter die hoë voorkoms van substansmisbruik en geweldsmisdaad erken moet word. Dit is derhalwe nodig dat daar gefokus sal word op alle vlakke van polisiëring binne die provinsie, op hoe bendes tot misdaad bydra en op hoe dit die beste versag kan word.

Sover dit middelmisbruik betref soos waarna hierbo verwys word, bly die Wes-Kaap steeds die provinsie wat die meeste deur dwelms geraak word. Provinsiale misdaadstatistiek toon dat die Wes-Kaap 60 409 dwelmverwante misdade tussen April 2009 en Maart 2010 aangeteken het. Die provinsie het 'n 14%-toename in dwelmverwante misdaad ervaar vergeleke met die vorige tydperk van April 2008 - Maart 2009. Dit het die syfers vir die tydperk April 2003 - Maart 2004 meer as

verdriedubbel. Wanneer die Wes-Kaap se huidige syfers met dié van die res van die land vergelyk word, blyk dit dat bykans die helfte van die land se dwelmverwante misdade in hierdie provinsie aangeteken is.

In sy navorsing oor gemeenskapspersepsies het die Departement bevind dat 88% van die gemeenskapslede onder wie die opname gedoen is, besef dat hulle eie gemeenskappe deurspek is van die ontluikende nasionale probleem van middelmisbruik. Die meerderheid van die gemeenskapslede onder wie die opname gedoen is, is egter nie tevrede met die manier waarop die polisie die probleem van middelmisbruik behartig nie. Daar is 'n persepsie dat sjebieneenaars en dwelmbase polisiebeamptes omkoop.

'n Mens sou dus kon aflei dat die bevindings uit die Departement se navorsing, geles saam met die jongste misdaadstatistiek, 'n aanduiding is van 'n behoefte aan 'n meer gefokusde benadering tot spesifieke misdade binne spesifieke gebiede in die provinsie. Daar bestaan geen enkele strategie wat alle tipes misdaad dek nie. Dit is derhalwe uiters belangrik dat die Departement sy statutêre mandaat van toesighouding, ooreenkomstig artikel 206 van die Grondwet, optimaliseer. Die Departement van Gemeenskapsveiligheid sal voortgaan om sy toesighoudingsmodelle te versterk as katalisators om die SAPD se werkverrigting in die Wes-Kaap te verbeter wat insgelyks tot verhoogde veiligheid sal bydra. Om dit te bereik, gaan ons drie (3) fokusgebiede uitbrei:

- (1) Die insameling van inligting oor huidige vlakke van SAPD-prestasie, misdaad-tendense, beskikbare hulpbronne en gemeenskapsbehoefte;
- (2) 'n Ontleding van sodanige inligting ten einde te bepaal watter sistemiese probleme binne die SAPD in die besonder en binne die geïntegreerde regstelsel in die algemeen bestaan en om oor hierdie probleme verslag te doen. Hierdie verslae moet aangewend word om alle rolspelers te help om te verseker dat die beperkte hulpbronne tot die regering se beskikking aangewend word in daardie gebiede in die Wes-Kaap waar dit die nodigste is, om doeltreffendheid te verbeter en om te verseker dat almal se veiligheid en sekuriteit verhoog word;
- (3) Die versterking van vennootskappe met die breër burgerlike samelewing, onder andere, om te verseker dat gemeenskapspolisieforums (GPF's) in alle gebiede

saamgestel word en dat hulle ooreenkomstig die neergelegde reëls funksioneer. Dit sal die oprigting van vennootskappe met ander rolspelers omvat wat daarop gerig sal wees om misdaad in ons gemeenskappe te voorkom en bewustheid te skep. Meetbare prestasie-aanwysers in hierdie fokusgebiede sluit in die mate waartoe tersaaklike inligting deur die Departement ingesamel word, die aantal verslae wat geproduseer word oortendense wat by spesifieke gebiede in die Wes-Kaap geïdentifiseer is en die aantal GPF's, hul vlak van doeltreffendheid en die vlak van die burgerlike samelewing se deelname.

Deur middel van hierdie navorsing kan die Departement tegelyk werk maak van die skaarsheid aan bewysgebaseerde inligting en die navorsing as 'n strategiese riglyn gebruik om burgerlike toesighouding te beïnvloed. Een manier waarop dit gedoen kan word, is deur die assessering en evaluering van die verspreiding en benutting van polisiehulpbronne in verhouding tot die Polisieplan. Die eindresultaat van hierdie studie sal die polisie se doeltreffendheid en doelmatigheid aantoon. Die huidige uitdaging vir hierdie studie is om die doeltreffendheid en doelmatigheid van ander wetstoepassingsagentskappe in verhouding tot die Polisieplan te bepaal. Die onlangse bydrae tot die mandaat van burgerlike toesighouding deur die beleid- en adviessubprogram (voorheen bekend as veiligheidsinligting en navorsing) sluit die bepaling van polisiëringsbehoefte en -prioriteite (PBP's) in. Hierdie inligting is hoofsaaklik nagevors by wyse van gestruktureerde vraelyste via GPF's en veiligheidpersepsiestudies wat in geselekteerde gemeenskappe uitgevoer is.

Die navorsing oor die PBP's beantwoord aan 'n belangrike wetgewende opdrag van die departement. Wanneer aanbevelings in die navorsing oor die PBP's deur die SAPD in hul Polisieplan geïmplementeer word, sal daar werk gemaak word van gemeenskappolisiëringsbehoefte en dit sal bydra tot die verwydering van geleenthede om misdaad te pleeg. Voorts kan dit oortreders se motivering om misdaad te pleeg, verlaag en die grondoorsake van misdaad op langer termyn verwyder.

Vir die 2010/11-studie oor PBP's het gemeenskappe van die Provinsie Wes-Kaap vyf prioriteitsmisdade geïdentifiseer waarvoor hulle die besorgdste in hul onderskeie gebiede is. Hierdie misdade sluit in aanranding met die opset om ernstige leed aan

te doen, seksuele misdrywe, gewone aanranding, gewone roof en gesinsgeweld. Benewens die geïdentifiseerde prioriteitsmisdade het die betrokke gemeenskappe die meeste melding gemaak van inbrake by residensiële eiendomme alhoewel dit nie deel van die topprioriteitsmisdade uitmaak nie. Sover dit die behartiging van vraagstukke betref waar opgedateerde inligting uiters belangrik is, het die Departement begin om planne van stapel te stuur om 'n geïntegreerde inligtingbestuurstelsel vir gemeenskapsveiligheid daar te stel.

Hierdie geïntegreerde inligtingstelsel sal ook data oor die beste praktyke en beleid vir benutting deur die Departement huisves en 'n geïntegreerde datapakhuis daarstel wat met interne en eksterne stelsels verbind is. Vir die duur van hierdie proses sal die Departement sy verskillende stelsels bestuur en integreer en 'n sentrale bewaarplek skep wat inligting verwant aan burgerlike toesighouding, navorsing, gemeenskapspolisiëring en veiligheidsmodelle sal insorteer en integreer. Hierdie stelsel sal die Departement na 'n posisie neem waar inligting vinnig beskikbaar gestel kan word.

Die geïntegreerde inligtingstelsel is belangrik aangesien dit 'n aantal datastelle in ooreenstemming bring en onderling verbind ten einde 'n holistiese beskouing van 'n gegewe gebied te verskaf. Die stelsel sal toeganklikheid tot inligting oor geregistreerde klagtes teen die polisie, GPF-status, die misdaadsituasie, polisiediensstaat (voertuie en personeel), maatskaplike misdaadvoorkomingsprojekte, polisiëringsbehoefte en -prioriteite, resultate van die gemeenskapveiligheidsbarometer, inligting oor buurtwagte en ander navorsingsresultate op 'n jaarlikse grondslag moontlik maak.

Gedurende die 2010/11-boekjaar het die Departement 'n sake-ontledingsproses vir die geïntegreerde inligtingbestuurstelsel vir gemeenskapsveiligheid (GIBSGV) aangepak. Die proses is deur die Staatsinligtingtegnologie-agentskap (SITA) gefasiliteer, en die uitset was goedgekeurde spesifikasies vir sakevereistes. Hierna het die Departement die Departement van die Premier (DvdP) se Sentrum vir e-Innovasie (S-eI) en SITA betrek om die vaardigheid te bekom om die pakhuisargitektuur te ontwerp en te ontwikkel. Die uitdaging waarvoor die Departement tans te staan kom, is dat die Sentrum vir e-Innovasie besig is om 'n provinsiewye geïntegreerde bestuursinligtingstelsel aan te pak en in die proses is om 'n bloudruk vir provinsiale

staatsdepartemente te ontwikkel. Dit behels onder andere dat DvdP: S-el die provinsiale standaard vir 'n bedryfsinligting (BI)-werktuig moet bepaal wat oral in die provinsie gebruik moet word. DvdP: S-el moet die Departement adviseer oor die tersaaklike BI-werktuig wat vir die GIBSGV verkry moet word. Die doel van die BI-werktuig is om data uit te trek, om te skakel en te laai met die oog op die integrasie daarvan. Weens hierdie tegniese oponthoude kan die Departement slegs die eerste fase (integrasie van bestaande toepassings) tydens 2011/2012 afhandel. Die GIBSGV-projek word gekenmerk deur afhanklikheid van S-el wat die verskaffing van strategiese en tegniese leiding betref. Nog 'n potensiële uitdaging is toegang tot eksterne data vanaf belanghebbendes soos die SAPD en ander wetstoepassingsagentskappe. Die Departement sal hierdie uitdaging die hoof bied deur een-tot-een met belanghebbers gesprekke te voer.

Voorts is die Departement daarvoor verantwoordelik om die polisie se dienslewering te monitor en te evalueer en daarvoor verslag te doen. In hierdie verband is dit daarvoor verantwoordelik om nakoming van polisiebeleid te monitor en te evalueer en oor bevindinge verslag te doen. Daar is tans 'n sterk fokus op ondersteunde inspektoraatfunksies ten spyte daarvan dat die vereiste addisionele hulpbronne nie tot die subprogram Monitoring en Evaluering se beskikking is nie.

Daar is tans 'n hoë aanvraag vir hierdie diens vanuit die gelede van die publiek ten einde werk te maak van die dienslewering wat van die SAPD verwag word. Die verwagting van die algemene publiek is dat hierdie dienste oral in die provinsie beskikbaar sal wees en dat alle polisiestasies gemoniteer moet word. Die gebrek aan voorskriftelike wetgewing ten opsigte van die afdwinging van burgerlike toesighouding hou 'n uitdaging in vir die optimalisering van burgerlike toesighouding oor die SAPD en ander wetstoepassingsagentskappe.

Die Departement sal 'n aanspreeklikheidsraamwerk vir burgerlike toesighouding in konsepvorm opstel ten einde skakelings aan te toon as ook die mate waartoe burgerlike toesighouding 'n funksionele mandaat van die Departement is.

Die impak van die voormelde sal geoptimaliseerde burgerlike toesighouding oor die SAPD en ander staatswetstoepassingsagentskappe tot gevolg hê en dus ook die implementering van die konstitusionele en wetgewende mandaat van burgerlike

oorsig oor wetstoepassingsagentskappe om sodoende nasionale en provinsiale beleidsopdragte ten opsigte van veiligheid en sekuriteit te implementeer.

Dit het toenemend duidelik geword dat daar 'n behoefte aan transformasie en integriteitsbestuur bestaan sover dit dienslewering deur die polisie en ander wetstoepassingsagentskappe betref ten einde meer doeltreffende en doelmatige polisiëring asook verbeterde verhoudings tussen die gemeenskap en die polisie teweeg te bring. Deur hiervan werk te maak, is die Departement daarvoor verantwoordelik om die instansies en benaderings te ontwerp en te implementeer wat nodig is om doeltreffende veiligheid- en sekuriteitsvennootskappe te skep en te handhaaf asook om verhoudings tussen die gemeenskap en die polisie, die polisie se aanspreeklikheid en openbare veiligheid te bevorder.

Die Departement sal saam met die SAPD, munisipaliteite en gemeenskappe maatskaplike misdaadvoorkomingstrategieë en -planne ontwikkel ten einde tussenregeringsbeplanning oor veiligheidsprioritisering met munisipaliteite, gemeenskappe, maatskaplike klusterdepartemente en instansies vanuit die burgerlike samelewing te verbeter. Hierdie strategieë en planne sal oor dieselfde entiteite heen geïmplementeer word om sodoende by te dra tot 'n omgewing waar dit minder waarskynlik is dat misdaad sal voorkom. Hierby sal planne vir die toekoms ontwikkel en geïmplementeer word om die volhoubaarheid van fokus en impak te verseker. Hierdie geïntegreerde benadering tot veiligheidsbeplanning en die implementering van inisiatiewe koördineer raamwerke vir veiligheid binne die Wes-Kaap en is in ooreenstemming met die uitgangspunt dat veiligheid almal se verantwoordelikheid moet wees wat op sy beurt op die "gemeenskap as geheel"-benadering gegrond is.

In die ondersteuning van doeltreffende burgerlike oorsig in die Wes-Kaap is daar bevind dat dit belangrik is om die polisie se aanspreeklikheid en die verhoudings tussen die polisie en die gemeenskap te versterk. Dit sal daartoe bydra om die gemeenskap se vertroue in die polisie te bou en GPF's, gemeenskapveiligheidsforums (GVF's), buurtwagte (BW'e), munisipaliteite, die sakesektor en private sekuriteit noop om 'n aktiewe rol in gemeenskapspolisiëring en die implementering van veiligheid en sekuriteit te vervul. BW'e sal ook in die beoefening van sigbare polisiëring opgelei word. By die implementering van

gemeenskappe se planne om die polisie aanspreeklik te maak, is die oogmerk dat gemeenskappe die polisie aanspreeklik moet hou vir hul dienslewering en optrede deur doeltreffende verhoudings te bou.

Wat die vestiging van GPF's in die provinsie betref, sal die Departement 'n raamwerk vir die vestiging en bedrywighede van GPF's verskaf wat daarop afgestem is om volhoubaarheid te verseker.

Ten opsigte van die bevordering van die publiek se veiligheidsbewustheid het die Departement ten doel om openbare veiligheidsbewustheid onder gemeenskappe, burgerlikesamelewingsinstansies en kwesbare groepe te bevorder.

Ons openbare padie het 'n groot impak op verkeersbestuur. Tans is padtrauma die sewende (7^{de}) grootste bydraer tot sterftes in die land, vergeleke met ander ontwikkelende lande in die wêreld. Die Wêreldgesondheidsorganisasie skat dat indien daar nie doeltreffend opgetree word nie, padtrauma teen 2020 die tweede grootste oorsaak van onnatuurlike sterftes sal wees. Meer as 15 000 mense (1 500 in die Wes-Kaap) sterf jaarliks op Suid-Afrikaanse padie – nagenoeg 50% hiervan is voetgangers. Voorts word nagenoeg 7 000 padgebruikers jaarliks permanent gestrem gelaat en 60 000 word ernstig beseer. Die beraamde koste-impak van hierdie sterftes en beserings asook skade aan eiendom, reddingsoperasies en voortspruitende druk op die Suid-Afrikaanse ekonomie word in die orde van R45 miljard per jaar geraam. (Bron: *Padverkeersbestuurskorporasie (RTMC), Besprekingsdokument*, 1 September 2008 en AARTO se Opleidingshandleiding (4^{de} weergawe), pp. 1-4).

Binne die omgewing van werkverrigting moet die volgende uitdagings die hoof gebied word:

- 'n Uiterste behoefte aan beskikbare intydse statistiek om verkeerswetstoepassingsoperasies van inligting te voorsien asook 'n behoefte aan padveiligheid- en opleidingsingrypings;
- Verkeersmisdrywe word op verskillende stelsels deur verskillende wetstoepassingsowerhede vasgelê;
- 'n Gebrek aan eenvormige prestasiestandaarde;
- Geen sentrale oortredingsregister wat herhaaloortreders kan uitlig nie;

- 'n Stelsel om boetes te verhaal wat tans totaal ontoereikend is aangesien nagenoeg 60% van die verkeersvervolgings onsuksesvol is aangesien padgebruikers nie opgespoor kan word nie. Daar is 'n toename in die voorkoms van vervalste rybewyse en vervalste nommerplate op voertuie. Gevolglik is die verbetering van padgebruikers se persepsies, houdings en gedrag 'n saak van dringendheid. (Bron: *PVBS: AARTO-ontplooingsplan*, 27 April 2010);
- Die Strafproseswet (Wet 51 van 1977) waarvolgens alle padverkeersmisdrywe geprosesseer word, is toenemend meer ondoeltreffend om die suksesvolle vervolging van padverkeersmisdrywe te finaliseer.

Die implementering van die Wet op die Administratiewe Beregting van Verkeersmisdrywe (Wet 46 van 1998) sal hierdie uitdagings die hoof bied en sal waarskynlik padgebruikers se gedrag verander. Dit sal die verkryging van moderne tegnologie noodsaak ter ondersteuning van geïntegreerde wetstoepassingsondernemings vir verhoogde sinergie en impak om padsterftes teen die jaar 2014 met 50% te verminder. Dit sal die Departement in staat stel om oor te skakel van analoog- na digitale tweerigtingradio-tegnologie en nommerplaatertekening en om operasionele videowaaktegnologie en handtoestelle te bekom wat met AARTO ooreenstem. Die implementering van AARTO kan egter meebring dat die verkeersfunksie 'n las vir sommige munisipaliteite word.

Die Departement staan onder 'n verpligting om provinsiale verkeerswetstoepassing en plaaslike owerhede van basiese opleiding vir verkeersbeamptes te voorsien. Die Gene Louw-verkeersopleidingskollege fasiliteer ook opleidingskursusse vir private toetsentrums en plaaslike owerhede se ondersoekers van bestuurderslisensies (OBL) en ondersoekers van voertuie (OVV).

Vanaf die 2010/11-boekjaar sal die basiese verkeersbeamptekursus op 'n eenheidstandaard gebaseer word en sal oor 'n tydperk van 'n jaar aangebied word en nie meer oor ses maande, soos tans die geval is, nie. Dit sal 'n vermindering in die getal kursusse vanaf twee (2) tot een (1) per jaar tot gevolg hê, asook die getal leerders raak, wat vanaf 'n maksimum van 120 tot 30 per kursus sal afneem.

Verskeie ander opleidingsingrypings soos 'n opknappingskursus, dwelmidentifikasie-opleiding en opleiding in die Nasionale Padvervoerwet (Wet 5 van 2009) en AARTO-wet sal aangebied word. Hierdie ingryping word beplan gegrond op 'n evaluering van opleidingsbehoefte ten einde werk te maak van tekortkominge wat kundiges binne die veld ervaar.

As deel van die departement se deurlopende pogings om sy opleidingsingrypings te verbeter, word 'n gehalteversekeringsevaluering uitgevoer om die impak van opleiding na afhandeling van alle opleidingsingrypings te bepaal.

Ten einde kennis van padveiligheid vanaf 'n vroeë ouderdom te verbreed, bestaan die behoefte dat padveiligheidsopvoeding by die skoolkurrikulum geïnstusionaliseer word. Dit word gedoen deur vaardighede en kennis aan opvoeders oor te dra ten einde padveiligheid as deel van leerders se lewensvaardighede verder te fasiliteer. Pasgemaakte projekte, opvoedkundige materiaal en kommunikasieboodskappe en/of ingrypings vir spesifieke padgebruikergroepe (swaarvoertuigbestuurders, openbarevervoeroperateurs en -pendelaars, motorvoertuigbestuurders en -pendelaars, voetgangers en motorfietsryers) sal ontwikkel, geïmplementeer en ondersteun word. Die vestiging van padveiligheidsrade sal ons strategiese doelwit om padveiligheid te optimaliseer, positief beïnvloed in soverre dit 'n formele platform sal verskaf om met velerlei belanghebbers in die padveiligheidsgemeenskap te skakel.

Hierbenewens moet padveiligheidsbehoefte na die laagste moontlike vlak van skakeling met die samelewing geneem word, en met hierdie doel voor oë is GPF's geteiken en is die uiteindelijke oogmerk dat padveiligheid op alle GPF's se sakelyste sal wees. Dit sal ook programme en projekte vir padveiligheidsopvoeding en -bewustheid oral in die provinsie instusionaliseer deur deelname aan geïnstusionaliseerde strukture en prosesse (SOBO's, GOP's, GPF's, GVP's, PRMTUS'e, ens.) te fasiliteer wat oor die volgende vyf (5) jaar sal bydra tot 'n verandering in padgebruikers se gedrag en gesindhede.

Om padveiligheid te optimaliseer en die gedrag van padgebruikers te beïnvloed, sal 'n aantal ingrypings geïmplementeer word, waaronder gefokusde wetstoepassingsoperasies en opvoeding- en bewusmakingsingrypings.

Die sleutelbeleid vir die Wes-Kaap is die implementering van die provinsiale wetstoepassingontplooingsplan. Die doelwit van hierdie plan is om:

- ongelukke te verminder
- sterftes en ernstige beserings te verminder
- verhoogde bewustheid van padverkeerveiligheidskwessies te skep
- goeie padgebruikersgedrag in te skerp
- vrywillige nakoming aan te moedig.

Hierdie plan sal die bespeuring en vervolging van kritieke padverkeermisdrywe verhoog, die oortredingskoers op alle sleutelveiligheidsindekse verlaag, gemeenskaplike optredes op al drie (3) vlakke van dienslewering harmonieer en koördineer en kommunikasie oor en publisiteitsblootstelling vir wetstoepassingskwessies verhoog, wat tot die verhoging van veiligheid sal bydra.

Gevolgtik sal die Departement hom tot die volgende verbind:

- om sy 24/7-diens op 'n permanente basis voort te sit
- om sy deelname aan die "veilig tuis"-veldtog voort te sit
- om leerder-vervoerondernemings voor en na skoolure te beoefen
- om 'n nuwe SHADOW-sentrum (Safely Home Anti-Drunk Driving Operational War Room) in Worcester te open¹
- om die aantal voertuie wat by padblokkades nagegaan word, te verhoog
- om die bespeuring en vervolging van motoriste wat die spoedperk oorskry, te prioritiseer
- om die aantal padblokkades te verhoog
- om beslag te lê op onpadwaardige voertuie
- om padveiligheidsopvoeding te intensiveer
- die eerste 12 maande-lange kursus vir die opleiding van verkeersbeamptes te implementeer.

• ¹ Die infrastruktuur word deur DvVOW voorsien onderwyl DvGV hierdie sentrums bedryf. Die begroting lê by die DvVOW, en SA Brouerye borg die infrastruktuur, sagte- en hardeware en toerusting. Die operasionele wetstoepassingsbegroting lê by DvGV.

Die behoefte aan 'n veilige en beveiligde dienslewingsomgewing staan sentraal tot die PRWK se vermoë om aan sy burgers se verwagtinge te voldoen. In hierdie verband kom alle departemente voor aansienlike uitdagings te staan, met hulpbronne wat sonder uitsondering vanaf kernverantwoordelikhede herlei moet word na *ad hoc ex post facto*-grypings. Om hierdie rede is dit nodig dat die verantwoordelikheid van klientdepartemente se Rekenpligtige Beamptes met gespesialiseerde kapasiteit gekoppel en gekoördineer word ten einde nakoming te ondersteun.

Die totale provinsiale begroting vir 2011/12 word op nagenoeg R40 miljard geraam, waarvan R20 miljard aan personeel bestee sal word, R10 miljard aan goedere en dienste en R8 miljard vir oordragte en subsidies bestem is. As daar aanvaar word dat basiese funksies verwant aan sekuriteitsrisikobestuur soos toegangsbeheer gemiddeld steeds 'n aansienlike persentasie van 'n departement se begroting uitmaak, bestaan daar 'n behoefte dat hierdie funksies meer wetenskaplik gekwantifiseer moet word. Wanneer dit gekwantifiseer is, kan die waarde van sekuriteitsrisikobestuur as 'n funksie meer geredelik gedemonstreer en enige investering geregverdig word. 'n Raamwerk vir sekuriteitsrisikobestuur word tans gefinaliseer om te verseker dat die funksie holisties in die PRWK bestuur word ten einde hulpbronne te optimaliseer.

Die ontwikkeling van 'n provinsiale aanspreeklikheid- en nakomingsraamwerk sal binne departemente geïmplementeer word ten einde die verantwoordelikheid van rekenpligtige beamptes met gespesialiseerde kapasiteit te konsolideer om sodoende nakoming van die regulerende omgewing vir sekuriteitsrisiko's te verseker. Die voorneme is om in 2011/12 sekuriteitskomitees in elke departement te vestig ten einde ooreenstemming met 'n geteikende PRWK-benadering te verseker waar hierdie komitees se aktiwiteite aan die provinsiale aanspreeklikheid- en nakomingsraamwerk onderhewig sal wees.

Verdere versterking van die elektroniese toegangbeheerstelsel sal steeds 'n prioriteit bly. Die interne fokus sal wees om geleenthede vir die pleeg van misdaad binne die dienslewingsomgewing van die PRWK te verwyder ten einde verliese wat aan departementele verliesbeheerstelsels gekoppel word, te verminder.

1.2 Organisasoriese Omgewing

Die Departement het 'n hoofkantoor en 12 streeksverkeersentrums wat dwarsdeur die provinsie versprei is en deur die Departementshoof bestuur word. Die Departement word in vyf (5) programme gestruktureer, naamlik administrasie, burgerlike oorsig, misdada voorkoming en gemeenskap-polisie-verhoudinge, verkeersbestuur en sekuriteitsrisikobestuur. Elk van die programme word in subprogramme verdeel wat deur direkteure bestuur word. Die programstruktuur word uitgebeeld in 'n organogram as deel van Bylae D tot die Departement se Strategiese Plan 2010/11 – 2014/15.

Die ontwikkeling van 'n omvattende menslike hulpbronplan sal van kritieke belang wees ten einde die Departement in staat te stel om te voldoen aan die menslike hulpbronbehoefte wat uit die strategiese plan voortspruit en om die bereiking van die departementele strategiese doelwitte te fasiliteer deur te verseker dat toepaslik gekwalifiseerde posbekleërs beskikbaar is om aan hierdie vereistes te voldoen. Sleutelingrypings sal behels dat menslike hulpbronbeplanning in ooreenstemming gebring word met die huidige en ontluikende missie en strategiese/klusterdoelstellings asook die ontwikkeling van langtermyn- volhoubare strategieë om werknemers te bekom, te ontplooi, te ontwikkel en te behou. Veranderingsbestuurstrategieë sal van kritieke belang wees om die daarstelling en volhoubaarheid van die nuwe model te verseker.

Tans toon die Departement beduidende onderverteenvoordiging wat diensbillikheid betref. Geteikende diensbillikeidsingrypings sal geïmplementeer word om geslagsgelykheid in die Departement te versterk, byvoorbeeld verhoogde verteenwoordiging deur vroue in middel- en senior bestuursposte asook die aanstel van gestremde persone oor alle beroepsvlakke heen.

Die Departement sal sy burgerlike toesighoudingskapasiteit versterk en uitbrei sover dit die lewering van navorsing en beleidsadvies sowel as die monitering en evaluering van asook verslagdoening oor die polisie se werkverrigting en optrede betref. Voorts sal die Departement geïntegreerde veiligheidsbeplanning en – implementering voorsien, aanspreeklikheid deur die polisie versterk en vennootskappe en verhoudings met gemeenskapspolisie asook openbare

veiligheidsbewustheid versterk. Ten einde hierdie doelwitte te behaal, sal dit nodig wees dat bedrewe personeel aan sekere komponente beskikbaar gestel word.

Die subprogram Maatskaplike Misdaadvoorkoming sal aan 'n herontwerpproses onderwerp word ten einde voorsiening te maak vir die implementering van misdaadvoorkomingsprojekte en die ontwerp en ontwikkeling van ooreenstemmende veiligheidstrategieë, -modelle en -instansies wat volhoubaar is en gerepliseer kan word.

Tot dusver is twee poste weens bedankings in die subprogram Beleid en Navorsing vakant. Hierbenewens moet die interne navorsingskapasiteit van personeel versterk word ten einde die lewering van navorsingsprodukte van gehalte te verseker.

Die huidige organisatoriese struktuur en diensstaat van die subprogram Monitering en Evaluering is geheel en al ontoereikend om burgerlike oorsig te optimaliseer.

Die Departement het 'n strategiese hersiening van sekuriteitsrisikobestuur onderneem en kapasiteit in hierdie verband is versterk. Die Departement het voortgegaan en sal voortgaan om die kapasiteit te versterk om sekuriteitsrisiko-oplossings te ontwikkel en om die diens toenemend as 'n waardeproposisie te evalueer. Dit het reeds tot 'n proses van interne herskikking aanleiding gegee.

Daar word van die Departement verwag om die implikasies van die provinsiale strategiese doelwit om veiligheid te verhoog beide vanuit die perspektief van strategie en hulpbronprioritering in berekening te bring. Die strategie verg groter ooreenstemming en ontwikkeling in samewerking met die mandaat van die werkstroom wat opdrag ontvang het vir die optimalisering van sekuriteitsdienste vir staatsbates, -personeel en -besoekers. Dit is nie moontlik om hulpbronne binne die bestaande MTUR (mediumtermyn-uitgaweraamwerk) opnuut toe te wys of te prioritiseer nie, maar 'n bykomende toewysing bo en behalwe die verpligtings wat opgelê is deur die provinsiale strategie om veiligheid te verhoog, gaan nodig wees.

'n Organisasoriese ontwikkelingsproses om ondersoek in te stel na die plasing van die funksies van verkeersbestuur asook die struktuur en personeelvereistes van hierdie program is van stapel gestuur en die aanbevelings sal, finansiële beperkings inaggenome, geïmplementeer word.

In ag genome die toename in geregistreerde voertuie op ons paaie (1 563 903), die getal bestuurderslisensies wat uitgereik is (1 384 523) en gegewe die beperkte personeelkapasiteit (400) om ons paaie te patroleer, het hierdie program goed gevaar in die vorige boekjaar. Wanneer die aantal inhegtenisnames ten opsigte van bestuur onder die invloed in ag geneem word (15 633 in 2009/10), blyk dit dat die uitbreiding van verkeerswetstoepassing se diensstaat absoluut noodsaaklik is. Voorts vereis die Wes-Kaap se stygende en diverse bevolking bedrewe personeel wat opvoeding in padveiligheid kan optimaliseer. Daar sal verder ingegaan word op die desentralisering van opvoeding in padveiligheid.

Die nasionale opleidingsraamwerk vereis dat verkeersopleidingskolleges die nuwe verkeerskwalifikasie vanaf ingang 2011 implementeer wat die koste van opleiding sal verdubbel aangesien die duur van basiese opleiding vir verkeersbeampes vanaf ses maande tot 'n jaar verleng word. Werkplekevaluasies en die saamstel van portefeuljes van bewyse is arbeidsintensief en vereis dat beleid en prosedures ten opsigte van gehaltebestuur nagekom word. Dit sal 'n verhoogde werkklas vir die huidige personeel tot gevolg hê, en dit sal nodig wees om 'n uitbreiding van die diensstaat te oorweeg aangesien leerders individueel asook in die werkplek geëvalueer moet word onderwyl hulle opleiding ondergaan.

2. HERSIENING VAN WETGEWENDE EN ANDER MANDATE

Met die implementering van AARTO sal die vraag na openbare opvoeding en kommunikasiedienste toeneem terwyl die manier waarop padverkeersmisdrywe beboet en vervolg word, ook drasties gaan verander. Daar sal met behulp van 'n administratiewe beregtingsproses met geringe oortredings en ander misdrywe gehandel word en slegs ernstige misdrywe sal steeds na die hof verwys word. Dit sal die nodigheid vir/rol van die reeds oorbelaste howe verlig om aandag aan geringe en ander oortredings te skenk. Die provinsie gaan ook die rol van uitreikingsowerheid aanvaar wat sy eie inkomste sal genereer deurdat boetes opgelê en inkomste by wyse van hierdie funksie gegeneer word. Toeganklikheid van betalingsfasiliteite en/of die daarstel van sodanige fasiliteit sal uiters belangrik wees om 'n maksimuminkomste vir die provinsie te verseker.

Die Departement sal steeds daarna streef om provinsiale wetgewing tot uitvoer te bring wat die provinsie in staat sal stel om sy polisiëringsfunksies, soos beskryf in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, doeltreffend na te kom.

3. OORSIG VAN 2011/12-BEGROTING EN MTUR-RAMINGS

3.1 Geraamde Besteding

Tabel: Departement van Gemeenskapsveiligheid

Program		Geouditeerde uitkomst			Aangepaste begroting	Mediumtermyn-uitgaweraming		
R duisend		2007/08	2008/09	2009/10	2010/11	2011/12	2012/13	2013/14
1.	Administrasie	27 905	37 079	39 326	33 086	35 708	38 652	41 472
2.	Burgerlike toesighouding	8 269	10 221	11 124	17 864	19 697	20 950	22 307
3.	Misdadaadvoorkoming en Gemeenskap-polisie-verhoudinge	46 300	47 554	45 952	43 159	43 964	45 812	48 299
4.	Verkeersbestuur	96 782	114 945	135 524	151 826	163 643	192 087	201 014
5.	Sekuriteitsrisikobestuur	23 945	32 530	40 697	42 976	47 966	51 363	54 651
SUBTOTAAL		203 201	242 329	272 623	288 911	310 978	348 864	367 743
Regstreekse vorderings teen die Nasionale Inkomstefonds		-	-	-	-	-	-	-
Ekonomiese klassifikasie								
Lopende betalings		173 901	218 084	252 669	268 322	297 491	332 964	355 020
Vergoeding van werknemers		113 899	143 032	173 835	183 427	213 778	239 615	256 490
Goedere en dienste		60 002	75 048	78 825	84 890	83 710	93 346	98 527
waarvan:								
Kommunikasie		3 908	3 368	3 409	2 853	3 374	3 541	3 732
Rekenaardienste		835	2 051	1 266	2 003	1 461	1 833	1 926
Konsultante, kontrakteurs en spesiale dienste		7 505	9 820	7 915	11 011	12 189	12 552	13 093
Voorraad		2 324	2 559	6 303	5 288	5 394	7 412	7 793
Bedryfshuurkontrakte		1 550	2 124	1 862	1 891	1 929	2 025	2 132
Reis en verblyf		28 182	31 733	34 001	30 891	31 263	34 386	36 205
Besteding aan eie en verhuurde eiendom		5 637	5 434	2 773	8 435	9 683	10 168	10 676
Bedryfsbesteding		2 381	6 011	12 025	11 271	8 665	10 234	10 971
Ander		7 680	11 948	9 271	11 247	9 749	11 195	11 999
Rente op en verhuur van grond			4	9	5	3	3	3
Finansiële transaksies in bates en laste		150	193	1 223				
Oordragte en subsidies aan:		26 189	19 604	11 869	11 480	9 650	9 733	9 914
Provinsies en munisipaliteite		29	12	15	6			
Departementele agentskappe en rekeninge								
Universiteite en teknikons								
Openbare korporasies en privaat-ondernemings				20				
Buitelandse regerings en internasionale								

organisasies							
Instansies sonder winsbejag							
Huishoudings	26 160	19 592	11 834	11 474	9 650	9 733	9 914
Betalings vir kapitaalbates	2 961	4 448	6 862	8 933	3 837	6 167	2 809
Geboue en ander vaste strukture			8				
Masjinerie en toerusting	2 961	4 224	6 848	8 933	3 837	6 167	2 809
Bewerkte bates							
Sagteware en ander ontasbare bates		224	6				
Grond en ondergrondse bates							
as bedrae gekapitaliseer is							
TOTAAL	203 201	242 329	272 623	288 911	310 978	348 864	367 743

3.2 Verband tussen Bestedingstendense en Strategiese Uitkomsgeoriënteerde Doelstellings

Die Departement se begroting vir die duur van die MTUR-tydperk toon 'n gemiddelde groei van 8,80%. Die grootste gedeelte van die Departement se hulpbrontoewysing word in program 4, Verkeersbestuur, gevestig wat 53% van die Departement se toewysing vir 2011/12 beloop. Vir geheel toon die begrotingstoewysing aan hierdie program vir 2011/12 'n toename van 11,01%. Vir die jare 2012/13 -2013/14, wat die verste buite die MTUR val, word daar vir meer as R43 miljoen voorsiening gemaak, gegrond op hierdie program se basislyn.

DEEL B: PROGRAM- EN SUBPROGRAMPLANNE

4. PROGRAM 1: ADMINISTRASIE

Die doel van Program 1 is om strategiese bestuur- en administratiewe steundienste aan die lynfunksies van die Departement te lewer. Voorts ondersteun dit die ministerie en kantoor van die departementshoof. Die program se doelwit is om deur sy doeltreffende bydrae die kantore van die LUR en departementshoof in staat te stel om hul strategiese leierskapsrol te vervul. Die program bestuur en lewer korporatiewe funksies aan die Departement met inbegrip van finansiële bestuur, strategiese dienste en kommunikasie. Dit is daarop gerig om beheermaatreëls te verbeter en ondersteuning vir strategiese rigtinggewing te bied. In sy strewe om die vlak van finansiële bestuurskapasiteit te verbeter, sal die program prosesse instel om werk te maak van inligting wat nie aan finansiële prestasie verwant is nie, poog om nakoming te oortref en daarop fokus om 'n uitkrangeffek te behaal wat noodwendig ontstaan wanneer insette en uitsette meer direk op uitkomst en impak gerig is. Die hersiening van die Departement se 20/11 – 2014/15 strategiese plan, 'n ongekwalifiseerde ouditverslag (finansieel) en 'n ongekwalifiseerde ouditverslag (prestasie) is aanduidend van die realisering van die strategiese doelwit om uitnemendheid wat prosesse betref, te verseker.

4.1 Jaarlikse teikens per strategiese doelwit vir 2011/12

Strategiese Doelwit 1.1 & 1.2	Om strategiese leierskap te voorsien
Doelwitstelling	Om strategiese leierskap te voorsien ten einde die Departement se mandaat doeltreffend na te kom
Basislyn	Ouditverslag: Ongekwalifiseerd (1)
Regverdiging	Dit sal die optimale funksionering van die Departement verseker.
Skakels	Dit sal 'n bemagtigende raamwerk skep sodat die strategiese doelstellings van die Departement gerealiseer kan word.

Strategiese Doelwit 1.3	Om doeltreffende finansiële bestuur te verseker
Doelwitstelling	Om departementele finansiële nakoming te verseker deur finansiële bestuur en adviesdienste te voorsien
Basislyn	Ouditverslag (finansieel): ongekwalifiseerd (1)
Regverdiging	Om optimale gebruik van finansiële hulpbronne te verseker
Skakels	Dit sal tot die Departement se strategiese doelstellings bydra deur doeltreffende en doelmatige benutting van finansiële hulpbronne te verseker.

Strategiese Doelwit 1.4	Om die departementele prestasiebestuursproses te versterk
Doelwitstelling	Om departementele doeltreffendheid te versterk deur strategiese beplanning en bestuur van programprestasie te fasiliteer
Basislyn	Getal ongekwalifiseerde ouditverslae (prestasie) (0)
Regverdiging	Dit sal die departementele beplanning- en prestasiebestuurprosesse verbeter.
Skakels	Dit sal tot die Departement se strategiese doelstellings bydra deur strategiese ooreenstemming te verseker.

Strategiese doelwit		Teiken soos per Strategiese Plan	Geouditeerde / Werklike Prestasie			Geraamde prestasie 2010/11	Mediumtermteikens		
			2007/08	2008/09	2009/10		2011/12	2012/13	2013/14
1.1 & 1.2	Om strategiese leierskap te voorsien	1	1	1	1	1 (ouditverslag: ongekwalifiseerd)	1 (ouditverslag: ongekwalifiseerd)	1 (ouditverslag: ongekwalifiseerd)	
1.3	Om doeltreffende finansiële bestuur te verseker	5	1	1	1	1 (ouditverslag finansiël: ongekwalifiseerd)	1 (ouditverslag finansiël: ongekwalifiseerd)	1 (ouditverslag finansiël: ongekwalifiseerd)	
1.4	Om die departementele prestasiebestuursproses te versterk	4	0	0	0	1 (ouditverslag prestasie: ongekwalifiseerd)	1 (ouditverslag prestasie: ongekwalifiseerd)	1 (ouditverslag prestasie: ongekwalifiseerd)	

4.2. Prestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2011/2012 - 2013/14

Programprestasie-aanwyser		Geouditeerde / Werklike Prestasie			Geraamde prestasie 2010/11	Mediumtermteikens		
		2007/08	2008/09	2009/10		2011/12	2012/13	2013/14
1.1.1 & 1.2.1	Ouditverslag	1	1	1	1	1 (ongekwalifiseerd)	1 (ongekwalifiseerd)	1 (ongekwalifiseerd)
1.3.1	Getal ongekwalifiseerde ouditverslae (finansiël)	1	1	1	1	1 (ongekwalifiseerd)	1 (ongekwalifiseerd)	1 (ongekwalifiseerd)
1.3.2	Getal in-jaar-moniteringsverslae	24	24	24	24	24	24	24
1.3.3	Getal finansiële jaarstate	1	1	2	2	2	2	2
1.3.4	Getal korrektiewe optredes behaal t.o.v. ouditbevindings en SKOOR/SK-resolusies	0	0	0	2	2	2	2

Programprestasi-aanwyser		Geouditeerde / Werklike Prestasie			Geraamde prestasie 2010/11	Mediumtermteikens		
		2007/08	2008/09	2009/10		2011/12	2012/13	2013/14
1.4.1	Ouditverslag (prestasi)	0	0	0	1	1 (ongekwalifiseerd)	1 (ongekwalifiseerd)	1 (ongekwalifiseerd)
1.4.2	Getal jaarlikse prestasieplanne voorgelê en gepubliseer	1	1	1	1	1	1	1
1.4.3	Getal kwartaallike prestasieverlae voorgelê	4	4	4	4	4	4	4
1.4.4	Getal jaarverslae gepubliseer	1	1	1	1	1	1	1

4.3 Kwartaalteikens vir 2011/12

Prestasi-aanwyser		Verslag-typperk	Jaarlikse teiken 2011/12	Kwartaalteikens			
				1 ^{ste}	2 ^{de}	3 ^{de}	4 ^{de}
1.1.1	Ouditverslag ²	Jaarliks	1	0	0	0	1
1.2.1							
1.3.1	Getal ongekwalifiseerde ouditverslae (finansiëel) ²	Jaarliks	1	0	1	0	0
1.3.2	Getal in-jaar-moniteringsverslae ²	Kwartaalliks	24	6	6	6	6
1.3.3	Getal finansiële jaarstate voorgelê ²	Jaarliks	2	1	0	1	0
1.3.4	Getal korrektiewe optredes behaal t.o.v. ouditbevindings en SKOOR/SK-resolusies ²	Jaarliks	2	0	0	1	1
1.4.1	Ouditverslag (prestasi)	Jaarliks	1	0	1	0	0
1.4.2	Getal jaarlikse prestasieplanne voorgelê en gepubliseer	Jaarliks	1	0		0	1
1.4.3	Getal kwartaallike prestasieverlae voorgelê	Kwartaalliks	4	1	1	1	1
1.4.4	Getal jaarverslae gepubliseer	Jaarliks	1	0	1	0	0

- ² Hierdie versameling prestasi-aanwysers (met geassosieerde teikens) handel oor die lewering van 'n doeltreffende finansiële funksie, met inberip van progressiewe vordering na "skoon audits" as die uiteindelijke maatstaf.

4.4 Rekonsiliasie van prestasieteikens met die Begroting en MTUR

Geraamde besteding

Tabel: Program 1: ADMINISTRASIE								
Subprogram		Bestedingsuitkomste			Aangesuiwerde begroting 2010/11	Geraamde besteding op medium termyn		
		2007/08	2008/09	2009/10		2011/12	2012/13	2013/14
R duisend								
1.1	Kantoor van die LUR	3 970	5 464	4 745	4 928	4 864	5 229	5 581
1.2	Kantoor van die DH	2 249	2 922	2 826	3 332	3 623	4 021	4 276
1.3	Finansiële Bestuur	9 071	12 461	13 998	13 634	18 204	19 491	21 055
1.4	Korporatiewe Dienste	12 615	16 232	17 757	11 192	9 017	9 911	10 560
Ekonomiese klassifikasie								
Lopende betalings		27 140	35 548	38 656	32 844	35 427	38 359	41 190
Vergoeding van werknemers		16 970	23 851	27 081	23 752	26 065	28 253	30 230
Goedere en dienste		10 170	11 694	11 572	9 087	9 359	10 103	10 957
waarvan:								
Kommunikasie		881	794	826	424	523	547	579
Rekenardienste		338	814	311	413	482	506	531
Konsultante, kontrakteurs en spesiale dienste		1 544	2 057	1 291	1 567	747	922	974
Voorraad		633	707	1 267	955	853	894	941
Bedryfshuurkontrakte		412	530	372	453	401	420	443
Reis en verblyf		1 622	1 957	2 066	1 372	1 563	1 668	1 763
Besteding aan eie en verhuurde eiendom		171	74	386	167	250	263	276
Bedryfsbesteding		1 041	374	368	207	329	345	363
Ander		3 528	4 387	4 685	3 529	4 208	4 538	5 087
Rente op en verhuring van grond			3	3	5	3	3	3
Finansiële transaksies in bates en laste		36	80	86	74			
Oordragte en subsidies aan:		71	176	113	1			
Provinsies en munisipaliteite								
Departementele agentskappe en eiendom								
Universiteite en teknikons								
Openbare korporasies en private ondernemings								
Buitelandse regerings en internasionale organisasies								
Instansies sonder winsbejag								
Huishoudings		71	176	113	1			

Tabel: Program 1: ADMINISTRASIE

Subprogram	Bestedingsuitkomste			Aangesuiwerde begroting 2010/11	Geraamde besteding op medium termyn		
	2007/08	2008/09	2009/10		2011/12	2012/13	2013/14
R duisend							
Betalings vir kapitale bates	658	1 275	471	167	281	293	282
Geboue en ander vaste strukture							
Masjinerie en toerusting	658	1 075	471	167	281	293	282
Bewerkte bates							
Sagteware en ander ontasbare bates		200					
Grond en ondergrondse bates							
waarvan: Gekapitaliseerde vergoeding							
Totaal	27 905	37 079	39 326	33 086	35 708	38 652	41 472

PRESTASIE EN BESTEDINGSTENDENSE

Bestedingstendense	Tendense in die getal sleutel-personeellede	Tendense in die getal sleutelinsette
Die program toon 'n gemiddelde styging van 7,77% oor die MTUR-tydperk. Die subprogram Finansiële Bestuur toon 'n aansienlike styging van 27,00% vir die 2011/12-begroting. Die styging is noodsaaklik vir die kapasitering van die komponent Aanbodkettingbestuur in Finansies.	Die beperkte groei is deur die provinsie se moderniseringsproses beïnvloed. Amptenare van die program se komponente menslike hulpbronne en risiko-ondernemingsbestuur het óf na die Departement van die Premier verskuif óf verkies om binne die Departement aan te bly. Vir die duur van die MTUR-tydperk sal die kapasitering van die komponente aanbodkettingbestuur en strategiese dienste 'n prioriteit wees.	Die direktorate voorsien die res van de Departement van 'n ondersteunende, adviserende en koördinerende funksie sover dit strategiese dienste en kommunikasie asook finansiële bestuur betref.

5. PROGRAM 2: BURGERLIKE TOESIGHOUDING

Ten opsigte van die nasionale begroting en programstruktuur is die program se naam verander vanaf die Sekretariaat vir Veiligheid en Sekuriteit na Burgerlike Toesighouding. Die subprogramme se name is vanaf Veiligheidsinligting en Navorsing na Beleid en Navorsing en van Nakomingsmonitering en Ondersoeke na Monitering en Evaluering verander. Die doel van program 2 is om die grondwetlike en wetgewende mandaat van burgerlike toesighouding oor wetstoepassingsagentskappe te implementeer en om beide nasionale en provinsiale beleid oor veiligheid en sekuriteit te implementeer. Dit is die program se doelwit om navorsing, beleidsadvies, veiligheidsontleding en 'n ontleding van polisiëringspraktyk in die provinsie te voorsien en om polisieprestasie, nakoming van polisiëringsbeleid en polisie-optrede te moniteer en te evalueer asook om daarvoor verslag te doen. Die program stel die optimalisering van burgerlike toesighouding oor polisiëring in die vooruitsig ten einde die demokratiese toerekenbaarheid van wetstoepassingsagentskappe (WTA'e) in die provinsie te verseker. In hierdie verband het die program ten doel om sy wetgewende mandaat van burgerlike toesighouding oor wetstoepassingsagentskappe te ondersteun deur sy hulpbronne en stelsels te herskik.

5.1 Jaarlikse teikens per strategiese doelwit vir 2011/12

Die voorsiening van navorsing, beleidsadvies, veiligheidsinligting en ontleding van inligting is uiters belangrik vir besluitneming asook vir die ontwikkeling van beleid en strategieë. Die gehalte en fokus van navorsing en inligting verleen geweldige waarde aan die ontwikkeling van huidige en nuwe beleid en strategieë. In hierdie verband sal die Departement verseker dat die PBP's deur 'n proses van gemeenskapskonsultasie bepaal word. Die navorsingstudie oor PBP's sal op alle polisiëringsgebiede in die provinsie fokus. Dit sal saamgevoeg word as 'n provinsiale ontleding van wat gemeenskappe as hulle plaaslike polisiëringsbehoefte en -prioriteite geïdentifiseer het. Derhalwe sal die PBP's help om polisiëring in die provinsie te rig ten einde op die behoeftes van sy burgers te reageer. Na verwagting sal die PBP's verbeterde dienslewering en geoptimeerde oorsig oor die polisie in die provinsie bevorder. Die Departement sal die inkorporering van die PBP's by die polisie

se prestasieplan evalueer en monitor ten einde te verseker dat polisieprioriteite voorsien in die behoeftes en prioriteite van die gemeenskappe.

In gebiede waar ernstige geweldsmisdaad algemeen is, sal die Departement ook gemeenskappe se persepsie van veiligheid en vrees vir misdaad by wyse van die navorsingstudie, bekend as die Gemeenskapveiligheidsbarometer, bestudeer en meet. In die meeste gevalle is misdaad en veiligheidsvlakke in gemeenskappe by wyse van polisiestatistiek gemeet. Hierdie benadering is egter nie meer toereikend nie aangesien dit algemeen bekend is dat sekere misdaadstatistiek ondergerapporteer word, en gevolglik skets misdaadstatistiek nie die volle prentjie van veiligheidsvlakke in gemeenskappe nie. Dit is as 'n groot gaping geïdentifiseer sover dit begrip vir die impak van misdaad op gemeenskappe betref asook hoe hierdie impak verlaag kan word; gevolglik poog die Gemeenskapsveiligheidsbarometer om hierdie gaping te vul. Daar word voorsien dat die ontleding van die gemeenskap se persepsies van die vrees vir misdaad en vlak van veiligheid begrip van die impak van misdaad op die geïdentifiseerde gemeenskappe sal verhoog. Voorts word daar voorsien dat die resultate sal bydra tot inisiatiewe om die vlak van veiligheid in hierdie gebiede te verbeter.

Ten einde te verseker dat polisiestasies aan die behoeftes van ons gemeenskappe voldoen, is dit noodsaaklik om terugvoer vanaf slagoffers te verkry sover dit hul ervarings van onderhandeling met die polisie betref. Terugvoer vanaf slagoffers stel beide die Departement (oorsig) en SAPD in staat om te verstaan waar dienste goed werk en om gebiede te identifiseer waarop daar verbeter kan word. 'n Opname onder slagoffers van misdaad sal die Departement se oorsigfunksie in staat stel om te bepaal of die SAPD 'n verbeterde en gehaltesdiens lewer. Vir die duur van die MTUR-tydperk sal die Departement die uitgangspeiling-navorsingswerktuig (werktuie) gebruik om ondersoek in te stel na die onderskeie aspekte van diens en, meer spesifiek, die interpersoonlike diens wat kliënte by polisiestasies ontvang het en die aard van die polisiestatie-omgewing. Ten einde te standaardiseer en evaluering te fasiliteer, is drie fokusgebiede geïdentifiseer wat die grootste impak op slagoffers van misdaad het. Hierdie gebiede sluit in:

- die gemeenskapsdienssentrum (GDS) waar slagoffers misdaad aanmeld
- die speurkomponent wat die misdaad ondersoek

- die slagofferondersteuningsfasiliteit (kamer) by die polisiestase wat tot hulpverlening aan getraumatiseerde slagoffers van misdaad bydra.

Die kliëntedienssentrums by polisiestasies sal geëvalueer word deur 'n kombinasie van omgewingswaarnemings en onderhoude te gebruik. 'n Reeks kort uitgangspeilingsonderhoude sal gevoer word met lede van die publiek wat die polisiestase verlaat. In die geval van speurders sal onderhoude slegs gevoer word met kliënte wat aktief met speuramptenare te make gehad ten einde verslag te doen oor die vlak van dienslewering. Navorsers sal basiese kontakinligting inwin deur misdaaddossiere wat deur polisiestasies beskikbaar gestel word, lukraak te selekteer. Hierna sal onderhoude met kliënte gevoer word oor die diens wat hulle van die speurders ontvang het. 'n Waarnemingsmodel sal ook vir die slagofferondersteuningsfasiliteite by elk van die polisiestasies voltooi word wat die volgende sal meet:

- personeel wat in slagofferondersteuning opgelei is
- beskikbare hulpbronne
- die beskikbare stelsels by die polisiestasies vir verwysing van slagoffers na gespesialiseerde ondersteuningsdienste.

Die volgende sleutelmaatstawwe sal gebruik word om speurders te evalueer:

- die gemak waarmee slagoffers kontak gemaak het met iemand wat kan help
- die slagoffers se tevredenheid met die polisie se daaropvolgende optrede
- tevredenheid ten opsigte van die mate waartoe slagoffers oor vordering met die ondersoek ingelig gehou is
- tevredenheid met die manier waarop slagoffers deur die polisie behandel is
- tevredenheid met die diens wat deur die polisie tydens die saak/ondersoek gelewer is.

Lukraak geselekteerde misdaaddossiere van gevalle van slagoffers van gesinsgeweld, roof, voertuigmisdaad, ernstige geweldsmisdaad, voertuigongelukmisdade en misdade verwant aan antisosiale gedrag sal gebruik word om hierdie sleutelmaatstawwe te evalueer.

Oorhoofs gaan die kriteria wat gemeet moet word, fokus op fundamentele kwessies soos netheid, sindelikheid, ordelikheid, tydsdoeltreffendheid, funksionele uitleg,

aanwysings en vaardighede wat polisiebeamptes nodig het om konsekwent 'n betroubare diens aan lede van die publiek te lewer.

Doeltreffende wetstoepassing en misdaadvoorkoming is van kritieke belang om te verseker dat veiligheid binne gemeenskappe verhoog word. Derhalwe sal die Departement 'n navorsingstudie oor die staat van polisiëring in die provinsie onderneem en aanbevelings verskaf oor hoe wetstoepassingsbeleid en -operasies verbeter kan word. Min tot geen navorsing oor die stand van polisiëring in die provinsie is tot dusver uitgevoer nie. In 2011/12 sal die Departement navorsingsvoorstelle aanvra om presies te bepaal wat die inhoud van sodanige studie behoort te behels. In 2012/13 sal die werklike studie onderneem word, en in hierdie geval sal die Departement die huidige stand van polisiëring evalueer deur polisie-aktiwiteite te analiseer, waarna nuwe bewysgebaseerde praktyke voorgelou sal word wat oral in die provinsie gebruik kan word. Dit sal die provinsiale regering in staat stel om insae in polisiëring te verkry. Die studie sal oorweging skenk aan faktore wat tot suksesse en mislukkings in polisiëring bydra en sal aanleiding gee tot 'n beter begrip van wat doeltreffendheid en doelmatigheid aan die kant van die polisie behels. Voorts sal die studie die praktiese implikasies van die bestuur van die polisie toelig, ook sover dit die gesondheid en welsyn van individuele polisiebeamptes en die veiligheid van gemeenskappe betref.

Die stelsel wat deur wetstoepassingsagentskappe gebruik word om hulpbronne toe te wys, sal geëvalueer word ten einde te bepaal of hierdie stelsel 'n bydrae tot die doeltreffendheid en doelmatigheid van hierdie agentskappe lewer. Wetstoepassingsagentskappe in die Wes-Kaap se nakoming van beleid wat hulpbrontoewysing betref, sal gemeet word by wyse van 'n sistematiese proses wat vir die duur van hierdie MTUR-tydperk gevolg sal word. Die moniteringsverslae oor hulpbrontoewysing en -benutting sal gebruik word om 'n impakevaluasie uit te voer op hierdie stelsels van die SAPD asook op die munisipale polisdienste binne die Kaapse metropool en die Swartland munisipale gebied. Die evaluering van die toewysing en benutting van wetstoepassingsagentskappe en die SAPD se hulpbronne is 'n belangrike navorsingsmeganisme aangesien dit sal evalueer en rapporteer oor hoe doeltreffend en doelmatig hierdie hulpbronne benut word. Voorts sal dit aanbevelings maak vir verbeterde hulpbrontoewysings en sodoende dienslewering verbeter.

Die Departement se bydrae tot verhoogde veiligheid sal ook by wyse van die monitering en evaluering van polisiëringdienslewering en polisie-doeltreffendheid plaasvind. Die Departement sal navorsing uitvoer oor polisiëringpraktyke en -beleid en sal bewysgebaseerde inligting oor polisiëringpraktyk en die stand van polisiëring in die provinsie voortbring. Ter nakoming van die departement se mandaat sal hulpbrontoewysing nagevors en geëvalueer word. Die Departement het nie regstreekse gesag en beheer oor wetstoepassingsagentskappe nie, en in hierdie verband sal doeltreffende oorsig daarop gerig word om wetstoepassingsagentskappe aanspreeklik te hou vir die nakoming van ooreengekome prestasieteikens deur polisie-optrede en die implementering van beleid soos, byvoorbeeld, die jaarlikse polisiëringplan, sektorpolisie, implementering van die Wet op Gesinsgeweld en ander beleid en polisiepraktyke te moniteer.

'n Aantal werktuie sal deur die program ontwikkel word om die sektorspesifieke aanwysers op 'n geïntegreerde wyse te implementeer binne die nasionale monitering- en evalueringforum wat onder leiding van die Nasionale Sekretariaat van Polisie binne die Nasionale Departement van Polisie staan. Die program sal in hierdie verband die nasionale werktuig aanpas deur sy bestaande spesifieke werktuig vir die Wes-Kaap te integreer ten einde dit in ooreenstemming te bring met die plaaslike polisiëringbeleid, -praktyke en -perspektiewe.

Voorts sal die doel van hierdie werktuig wees om data in te samel oor die polisie se nakoming van tersaaklike wetgewing en beleid wat daarop gerig is om dienslewering deur die SAPD te verbeter. In die geval van nie-nakoming sal beleidsbestuur ingelig word en sal daar van laasgenoemde verwag word om korrektiewe maatreëls te implementeer. Op hierdie wyse sal die SAPD en ander wetstoepassingsagentskappe (WTA'e) vir dienslewering aanspreeklik gehou word.

Die moniterings- en evalueringswerktuie sal ook gebiede omvat wat as prioriteite in die Wes-Kaap geïdentifiseer is ooreenkomstig die konstitusionele mandaat van oorsig oor wetstoepassingsagentskappe. Die gebiede van polisiëringdienslewering van die SAPD wat geëvalueer en geassesseer sal word, sluit in, maar is nie beperk nie tot, speurdienste, sigbare polisiëring, gemeenskapdienssentrums, opleiding en wetgewende nakoming.

In lyn met hierdie mandaat sal daar ook aandag geskenk word aan die kwessie van polisie-optrede sover dit dissipline en medepligtigheid aan kriminele aktiwiteite betref deur ondersoek in te stel na klagtes oor dienslewering en die sistematiese veranderings wat as motiverende aandrywers vir lede dien om by kriminele gedrag betrokke te raak. In hierdie verband word openbare toegang en reg van verhaling ten opsigte van swak dienslewering deur WTA's deur middel van 'n 24-uur departementele lyn vir polisiëringsklagtes/komplimente voorsien. Polisiëringsklagtes word onmiddellik geremedieer ten einde nakoming van die Batho Pele "ense eerste"-beginsels te verseker. Om polisie-aanspreeklikheid te verseker, word die oorsprong of oorsaak van die klagte egter verder ondersoek ten einde te verseker dat polisiebestuur rekenskap gee van sy lede se optrede. Daar sal ag geslaan word op die mandaat van die Onafhanklike Klagtedirektoraat (OKD). In hierdie verband sal die program klagtes ondersoek wat met dienslewering verband hou, in teenstelling met die OKD wat klagtes oor kriminaliteit behartig.

Strategiese Doelwit 2.1	Om die program doeltreffend te bestuur en te ondersteun
Doelwitstelling	Om strategiese leierskap aan die program te bestuur en te voorsien
Basislyn	Getal ten volle doeltreffende prestasie-evaluerings van Hoofdirektoraat: Burgerlike Oorsig (1)
Regverdiging	Hierdie doelwit sal die optimale funksionering van die program verseker.
Skakels	Dit sal 'n bemagtigende raamwerk skep waarbinne die program se strategiese doelstellings gerealiseer kan word.

Strategiese Doelwit 2.2	Om navorsing, beleidsadvies en veiligheidsinligting en –ontleding te voorsien
Doelwitstelling	Om navorsing, beleidsadvies en veiligheidsinligting en –ontleding ten opsigte van veiligheid en sekuriteit in die Wes-Kaap te voorsien
Basislyn	Getal polisiebuurte waar provinsiale polisiëringsbehoefte en –prioriteite en die vlakke van kliënttevredenheid bepaal is (149)
Regverdiging	Hierdie doelwit sal daartoe bydra om inligting te verskaf oor veiligheidstrategieë, modelle en oorsigbeleid, met inbegrip van die billike verspreiding van polisiehulpbronne in ooreenstemming met gemeenskap se polisiëringsbehoefte en –prioriteite
Skakels	Grondwet van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996, artikel 206; Wet op Suid-Afrikaanse Polisie diens, Wet 68 van 1995, artikel 3(1); Wysigingswet op Suid-Afrikaanse Polisie diens, Wet 83 van 1998 en provinsiale strategiese doelwit 5 om "veiligheid te verhoog" soos dit in die provinsiale strategiese plan voorkom

Strategiese Doelwit 2.3	Om polisieprestasie en –optrede te monitor en te evalueer en daarvoor verslag te doen
Doelwit-stelling	Om polisiëringdienslewering en –beleidsimplementering te ondersoek, te monitor en te evalueer
Basislyn	Getal polisieostasies geëvalueer (0)
Regverdiging	Hierdie doelwit sal bydra tot die ontwikkeling en toepassing van wêreldklas-polisiëringspraktyke, die vlakke van vertroue in die polisie verbeter en demokratiese aanspreeklikheid en deursigtigheid van die SAPD in die Wes-Kaap bevorder.
Skakels	Grondwet van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996, artikel 206; Wet op Suid-Afrikaanse Polisie diens, Wet 68 van 1995, artikel 3(1); Wysigingswet op Suid-Afrikaanse Polisie diens, Wet 83 van 1998 Die bereiking van hierdie doelwit sal beduidend bydra tot die provinsiale strategiese doelwit om veiligheid te verhoog.

Strategiese doelwit		Teiken soos per Strategiese Plan	Geouditeerde / Werklike Prestasie			Geraamde prestasie 2010/11	Mediumtermyn teikens		
			2007/ 08	2008/ 09	2009/10		2011/12	2012 / 13	2013/ 14
2.1	Om die program doeltreffend te bestuur en te ondersteun	4	1	1	1	1 (prestasie-evaluering)	1 (prestasie-evaluering)	1 (prestasie-evaluering)	
2.2	Om navorsing, beleidsadvies en veiligheid-inligting en –ontleding te voorsien	149	0	0	0	149	149	149	149
2.3	Om polisie-prestasie en –optrede te monitor en te evalueer en daarvoor verslag te doen	149	0	0	0	0	149	149	149

5.2 Prestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2011/2012 - 2013/14

Programprestasie-aanwyser		Geouditeerde / Werklike Prestasie			Geraamde prestasie 2010/11	Mediumtermyn teikens		
		2007/08	2008/09	2009/10		2011/12	2012/13	2013/14
2.1.1	Getal ten volle doeltreffende prestasie-evaluering van HD: Burgerlike Oorsig	1	1	1	1	1	1	1
2.2.1	Getal gebiede waar persepsies en vrees vir misdaad gemeet is	0	0	1	12	16	20	25
2.2.2	Getal polisieostasies waar vlakke van kliënttevredenheid gemeet is	0	0	0	0	149	149	149

Programprestasi-aanwyser		Geouditeerde / Werklike Prestasie			Geraamde prestasie 2010/11	Mediumtermyn-teikens		
		2007/08	2008/09	2009/10		2011/12	2012/13	2013/14
2.2.3	Getal polisiebuurte waar provinsiale polisieëring-behoefte en –prioriteite bepaal is*	0	0	149	149	149	149	149
2.2.4	Getal navorsing-verslae oor die stand van polisieëring in die provinsie	0	0	0	0	0	1	0
2.2.5	Getal verslae oor evaluering van HTG*	0	0	0	0	1	1	1
2.2.6	Getal gemeenskap-opnames uitgevoer *	0	0	0	0	149	149	149
2.2.7	Getal navorsing-studies uitgevoer *	0	0	0	0	0	1	0
2.3.1	Getal polisie-stasies t.o.v. polisieëring-nakoming gemoniteer *	0	0	0	0	25	40	50
2.3.2	Getal polisie-stasies geëvalueer*	0	0	0	0	149	149	149
2.3.3	Getal verslae oor die implementering van aanbevelings/nakoming *	0	0	0	0	1	1	1
2.3.4	Getal verslae oor klagtes / komplimente rakende polisieëring-dienslewering	0	0	4	4	4	4	4
2.3.5	Getal raamwerke ontwikkel t.o.v. ontleding van geïntegreerde dienslewering *	0	0	0	0	1	1 (oorsig)	1 (oorsig)
2.3.6	Getal prestasietabel-ontledings by stasies gedoen *	0	0	0	0	1	2	25
2.3.7	'n Algemene werktuig vir	0	0	0	1	1	1	1

Programprestasi-aanwyser		Geouditeerde / Werklike Prestasie			Geraamde prestasie 2010/11	Mediumtermyn teikens		
		2007/08	2008/09	2009/10		2011/12	2012/13	2013/14
	monitering en evaluering is in plek *							
2.3.8	Ontwikkeling van algemene strategie/stelsel *	0	0	0	1	1	1 (oorsig)	1 (oorsig)
2.3.9	Getal verslae oor die evaluering van begroting teen beleidsplanne *	0	0	0	0	1	1	1
2.3.10	Getal evaluerings van die SAPD en die tersaaklike munisipale polisie diens (MPD) se toewysing van hulpbronne	0	0	0	6	27	27	27

* *Nasionale sektorspesifieke aanwyser*

5.3 Kwartaalteikens vir 2011/12

Prestasie-aanwyser		Verslag-tydperk	Jaarlike teiken 2011/12	Kwartaalteikens			
				1 ^{ste}	2 ^{de}	3 ^{de}	4 ^{de}
2.1.1	Getal ten volle doeltreffende prestasie-evaluering van die HD: Burgerlike Oorsig	Jaarliks	1	0	0	0	1
2.2.1	Getal gebiede waar persepsies en vrees vir misdaad gemeet is	Jaarliks	16	0	0	16	0
2.2.2	Getal polisie stasies waar opnames van kliënttevredenheid gedoen is	Kwartaalliks	60	0	0	30	30
2.2.3	Getal polisiebuurte waar provinsiale polisieeringsbehoefte en -prioriteite bepaal is *	Jaarliks	149	0	0	149	0
2.2.4	Getal navorsingsverslae oor die stand van polisieering in die provinsie	Jaarliks	0	0	0	0	0
2.2.5	Getal verslae oor evaluering van die HTG *	Jaarliks	1	0	0	0	1
2.2.6	Getal gemeenskapsopnames uitgevoer *	Jaarliks	16	0	0	16	0
2.2.7	Getal navorsing studies uitgevoer *	Jaarliks	0	0	0	0	0
2.3.1	Getal polisie stasies t.o.v. polisieeringsnakoming gemoniteer *	Kwartaalliks	25	7	6	6	6
2.3.2	Getal polisie stasies geëvalueer *	Kwartaalliks	149	37	38	37	37
2.3.3	Getal verslae oor die	Jaarliks	1	0	0	1	0

Prestasie-aanwyser		Verslag-tydperk	Jaarlikse teiken 2011/12	Kwartaalteikens			
				1 ^{ste}	2 ^{de}	3 ^{de}	4 ^{de}
	implementering van aanbevelings/nakoming *						
2.3.4	Getal verslae oor klagtes / komplimente oor polisiëring-dienslewering	Kwartaalliks	4	1	1	1	1
2.3.5	Getal raamwerke wat vir die ontleding van geïntegreerde dienslewering ontwikkel is *	Jaarliks	1	0	1	0	0
2.3.6	Getal prestasietabel-ontledings by stasies gedoen	Jaarliks	1	0	1	0	0
2.3.7	'n Algemene werktuig vir monitering en evaluering is in plek *	Jaarliks	1	1	0	0	0
2.3.8	Ontwikkeling van algemene strategie/ stelsel *	Jaarliks	1	0	1	0	0
2.3.9	Getal verslae oor die evaluering van begroting teen polisieplanne *	Jaarliks	1	1	0	0	0
2.3.10	Getal evaluerings van die SAPD en die tersaaklike munisipale polisdienste (MPD) se toewysing van hulpbronne	Kwartaalliks	27	13	14	0	0

* *Nasionale sektorspeifieke aanwyser*

5.4 Rekonsiliasie van prestasieteikens met die Begroting en MTUR

Geraamde besteding

Program 2: Burgerlike toesighouding							
Subprogram	Bestedingsuitkomste			Aange-suiwerde begroting 2010/11	Mediumtermyn-uitgaweraming		
	2007/08	2008/09	2009/10		2011/12	2012/13	2013/14
R duisend							
Programondersteuning	1 003	1 133	1 555	1 405	1 864	2 030	2 171
Beleid en Navorsing	4 498	5 092	5 069	10 663	11 136	11 855	12 387
Monitering en Evaluering	2 768	3 996	4 500	5 796	6 697	7 065	7 749
Totaal	8 269	10 221	11 124	17 864	19 697	20 950	22 307
Ekonomiese klassifikasie							
Lopende betalings	7 602	10 009	10 847	14 953	18 240	19 345	20 769
Vergoeding van werknemers	4 794	6 432	7 681	8 690	10 772	11 526	12 515
Goedere en dienste	2 808	3 577	3 166	6 263	7 468	7 819	8 254
waarvan:							
Kommunikasie	255	223	235	228	319	335	352

Program 2: Burgerlike toesighouding							
Subprogram	Bestedingsuitkomste			Aange-suiwerde begroting 2010/11	Mediumtermyn-uitgaweraming		
	2007/08	2008/09	2009/10		2011/12	2012/13	2013/14
R duisend							
Rekenaardienste		469	9	484	167	175	184
Konsultante, kontrakteurs en spesiale dienste	1 441	1 801	1 173	3 669	5 051	5 281	5 544
Voorraad	80	85	171	216	197	206	218
Bedryfshuurkontrakte	53	101	71	128	110	116	122
Reis en verblyf	666	645	980	501	798	838	923
Besteding aan eie en verhuurde eiendom							
Bedryfsbesteding	1	11	126	146	157	165	173
Ander	312	242	401	891	669	703	738
Rente op en verhuring van grond							
Finansiële transaksies in bates en laste		24	5	10			
Oordragte en subsidies aan:	361	60	56				
Provinsies en munisipaliteite							
Departementele agentskappe en rekeninge							
Universiteite en teknikons							
Openbare korporasies en privaat-ondernemings							
Buitelandse regerings en internasionale organisasies							
Instansies sonder winsbejag							
Huishoudings	361	60	56				
Betalings vir kapitaalbate	306	128	216	2 901	1 457	1 605	1 538
Geboue en ander vaste strukture							
Masjinerie en toerusting	306	108	216	2 901	1 457	1 605	1 538
Bewerkte bates							
Sagteware en ander ontasbare bates		20					
Grond en ondergrondse bates							
Vervoertoerusting							
waarvan: Gekapitaliseerde vergoeding							
Totaal	8 269	10 221	11 124	17 864	19 697	20 950	22 307

PRESTASIE EN BESTEDINGSTENDENSE

Bestedingstendense	Tendense in die getal sleutel-personeellede	Tendense in die getal sleutelinsette
<p>Die program toon 'n gemiddelde groei van 6,42% oor die MTUR-tydperk. Die meeste van die groei kom in die subprogram Monitering en Evaluering voor.</p>	<p>Groei in personeelgetalle sal in beide subprogramme, naamlik Polisie en Navorsing en Monitering en Evaluering, voorkom.</p>	<p>Die strategiese plan gaan van die veronderstelling uit dat die hulpbronne daarop gerig sal word om program 2 se kernmandaat te implementeer, naamlik toesighouding oor polisiëring; verskaffing van navorsing, beleidsadvies, inligting en ontleding; en monitering en evaluering van en verslagdoening oor polisieprestasie en –optrede in die Wes-Kaap.</p>

6. PROGRAM 3: MISDAADVOORKOMING EN GEMEENSKAP-POLISIE-VERHOUDINGE

Ten opsigte van die nasionale begroting en programstruktuur is hierdie program bykomend tot die Departement se struktuur. Die subprogramme is maatskaplike misdaadvoorkoming, gemeenskap-polisie-verhoudinge (voorheen gemeenskap-skakeling) en bevordering van veiligheid. Die doel van program 3 is om maatskaplike misdaadvoorkoming te versterk en goeie gemeenskap-polisie-verhoudinge te bevorder om sodoende veilige gemeenskappe deur middel van multi-agentskapvennootskappe te bou om veiligheid te verhoog en 'n 'samelewing as geheel'-benadering te verseker. Die "samelewing as geheel"-benadering beklemtoon geïntegreerde maatskaplike misdaadvoorkomingsmaatreëls wat holisties daarop gerig is om werk te maak van die grondoorsake van misdaad binne gemeenskappe. Goeie gemeenskap-polisie-verhoudinge sal die "samelewing as geheel"-benadering versterk en sal die samelewing aanmoedig om aktiewe burgerlike formasies soos BW'e en GPF's te skep ten einde veiligheid in gemeenskappe te verbeter.

6.1 Jaarlikse teikens per strategiese doelwit vir 2011/12

Die program sal verseker dat 'n "samelewing as geheel"-benadering in sy ontwikkeling van geïntegreerde maatskaplike misdaadvoorkomingsinisiatiewe gevolg word waarvolgens maatskaplike misdaadvoorkomingstrategieë en -planne in oorleg met WTA's, munisipaliteite en gemeenskappe ontwikkel en gekoördineer word. Om dit te kan doen, sal die geïntegreerde regspleging- en misdaadvoorkomingstelsels deur die daarstelling van vennootskappe bevorder word. Derhalwe sal hierdie program holistiese misdaadvoorkomingstrategieë en veiligheidsplanne ontwikkel en geïntegreerde maatskaplike misdaadvoorkomingsinisiatiewe implementeer. Sodanige veiligheidstrategieë sal binne geteikende gemeenskappe met behulp van multi-vennootskapagentskappe op alle regeringsvlakke geïmplementeer word. Die maatskaplike misdaadvoorkomingstrategieë sal daarop gerig wees om straatboewery te verminder, skoolveiligheid te verbeter en pendelaarveiligheid te verhoog. Insgelyks sal dit bydra tot faktore wat sal lei tot die herstel van gemeenskappe en jeugdiges wat deur misdaad geteister word.

Multi-agentskap-misdaadvoorkomingstrategieë word moontlik gemaak deur verskeie regeringsfere en tersaaklike belanghebbers (burgerlike samelewing en strukture) te betrek en in te sluit. Hierdie program sal tussenregering-veiligheidsbeplanning in ooreenstemming met die Wet op die Raamwerk vir Tussenregeringverhoudinge (Wet 13 van 2005) en die Wet op Munisipale Stelsels (Wet 32 van 2000 en Wysigingswet 44 van 2003) gebruik om die ontwikkeling van openbare veiligheidstrategieë deur munisipaliteite saam met gemeenskappe, maatskaplikeklusterdepartemente en burgerlikesamelewingsinstansies as deel van hul geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning (GOP) te bevorder. Die ruggraat van geïntegreerde misdaadvoorkomingstrategieë is die daarstel van vennootskappe met munisipaliteite, gemeenskappe, maatskaplikeklusterdepartemente, burgerlikesamelewingsinstansies, sakesektore en private sekuriteit, op 'n samelewing- en gemeenskapsvlak, om sodoende 'n "samelewing as geheel"-benadering binne gemeenskappe te skep. Die versterking van gemeenskapveiligheidsforums (GVF's) op munisipale vlak sal gehandhaaf word. Die program is ook verantwoordelik vir die bestuur van verhoudinge met belanghebbendes. Gesprekke met verskeie entiteite soos Sake teen Misdaad (BAC), die Departemente van Maatskaplike Ontwikkeling asook Kultuursake en Sport en die distriks- en plaaslike munisipaliteite sal ten doel hê om verhoudinge te verbeter en om die vlak van gemeenskapsdeelname aan misdaadvoorkomingsaktiwiteite te verbeter. Die munisipaliteite is uiters belangrike vennote by die vestiging van GVF's. Die GVF-program is van voorneme om staatsdepartemente by die stryd teen misdaad te betrek. Die Departement sal die implementering van hierdie strategieë moniteer en evalueer.

Die Departement sal voortgaan om die provinsiale raamwerk vir die uitbreiding van buurtwagte (BW'e) te versterk wat provinsiale norme en standaarde vir BW-strukture daar sal stel, protokolle vir opleiding en hulpbronne sal ontwikkel en BW-kapasiteit in geprioritiseerde gebiede sal verhoog deur opleiding en hulpbronne toe te wys. Die implementering van die BW-uitbreidingsstrategie sal deur die Departement gemoniteer en geëvalueer word. 'n Databasis van alle BW-strukture in die provinsie sal die doeltreffende bestuur van die BW-opleidingsprogram en die koördinering van hulpbronne (jekkers, weerkaatsende beffies, flitse, noodhulpstelle en fietse) vir hierdie BW-strukture verseker. Hierdie BW-strukture sal aan die GPF en die polisie aanspreeklik gehou word deur die bywoning van maandelikse GPF-vergaderings. Die doel met die opleiding van BW-strukture is om te verseker dat BW-lede binne die raamwerk

van die wet optree en oor die vaardighede beskik om die polisie met buurtpatrollies van hulp te wees. Die BW-uitbreidingsprojek omvat strukture soos die straatkomitees, plaaswagte en die slagofferondersteuningstrukture.

Die program het ten doel om goeie verhoudinge tussen die polisie en die gemeenskap te bevorder en om opvoedings- en bewustheidsprogramme oor maatskaplike misdaadvoorkoming te fasiliteer. Die versterking van gemeenskap-polisie-verhoudinge sal aanleiding gee tot beter samewerking tussen gemeenskappe en die polisie en bydra tot verbeterde polisdienstlewering, verbeterde polisie-aanspreeklikheid en verhoogde veiligheid. Dit sal vermag word deur GPF's te kapasiteer met behulp van werksessies oor burgerlike oorsig, vergaderingsvaardighede, die GPF se rolle en verantwoordelikhede en begrip vir die GPF-grondwet.

Die volle sterkte van 175 GPF's sal een maal per semester opgelei word. Dit sal ook verseker dat GPF's opgelei is en dat dit nie nodig is om vir 'n nuwe boekjaar te wag om opleiding aan te bied nie. Die Departement sal die implementering van die monitering- en evalueringswerktuig oor die funksionering van GPF's in die provinsie bestuur. Die Departement sal op 'n gereelde basis verslag doen oor die implementering van GPF's se burgerlike-oorsigfunksie, en kwessies wat met burgerlike oorsig verband hou, sal ook by die maandelikse GPF-vergadering bespreek word. Gereelde vergaderings oor polisie-aanspreeklikheid sal verseker dat die plaaslike polisie teenoor die gemeenskap aanspreeklik gehou word en sal help om dienstlewering deur die polisie aan die gemeenskap te verbeter. Dit sal deel uitmaak van die GPF-burgerlike-oorsigwerktuig wat GPF's sal begelei om dienstlewering deur die polisie op 'n doeltreffender wyse te moniteer en sal vermag word deur die polisie se aandag aan klagtes en sigbare polisiepatrollies te moniteer asook deur gereeld besoek te bring aan gemeenskapdienssentrums (GDS'e) en poliseselle. Die aanspreeklikheidsvergaderings sal hoofsaaklik gehou word in die tersaaklike gebiede waar ernstige misdaad voorkom en die klem sal op landelike gemeenskappe geplaas word.

Die program sal verantwoordelik wees vir bewustheidsprogramme wat verband hou met veiligheidsmodelle, burgerlike oorsig en gemeenskap-polisie-verhoudinge. Dit sal die volgende insluit:

- bewustheid van bendevoorkoming

- bewustheid van gemeenskappoliseringstrategieë
- bewustheid ten opsigte van mense se basiese poliseringsregte sonder om op poliserings self te let
- bewustheid van die Wet op Gesinsgeweld en die Wet op Seksuele Misdrywe
- bewustheid rakende buurtwagte
- bevordering van die departementele klagtelyn.

Strategiese Doelwit 3.1	Om geïntegreerde veiligheidsbeplanninginisiatiewe en –implementering te voorsien
Doelwit-stelling	Om veiligheidstrategieë te ontwikkel en vol te hou, veiligheidsmodelle en –instansies te ontwerp, die beginsel dat veiligheid almal se verantwoordelikheid is ooreenkomstig die “samelewing as geheel”-benadering te akkommodeer en om raamwerke vir veiligheid binne die Wes-Kaap te koördineer
Basislyn	Getal geïntegreerde maatskaplike misdaadvoorkomingsinisiatiewe ontwikkel en geïmplementeer (4)
Regverdiging	Dit sal ’n holistiese benadering tot verhoogde veiligheid in die provinsie ooreenkomstig ’n “samelewing as geheel”-benadering verseker wat veiligheid almal se verantwoordelikheid sal maak.
Skakels	Nasionale misdaadvoorkomingstrategie, 1996: Die bereik van hierdie doelwit sal aansienlik bydra tot die provinsiale strategiese doelwit om “veiligheid te verhoog” en “maatskaplike samehorigheid te maksimaliseer” onderwyl dit ook onregstreeks ’n rol in “armoedeverligting” sal speel.

Strategiese Doelwit 3.2	Om polisie-aanspreeklikheid en gemeenskap-polisie-verhoudinge te versterk
Doelwit-stelling	Om goeie gemeenskap-polisie-verhoudinge te bevorder
Basislyn	Getal gemeenskapspolisieforums gekapasiteer (121)
Regverdiging	Dit sal bydra tot die ontwikkeling van gesonde gemeenskap-polisie-verhoudinge en burgerlike oorsig en gemeenskapsvertroue in die provinsie bevorder.
Skakels	Grondwet van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996, artikel 206; Wet op die Suid-Afrikaanse Polisie, Wet 68 van 1995, artikel 3(1); Wysigingswet op die Suid-Afrikaanse Polisie, Wet 83 van 1998 en nasionale misdaadvoorkomingstrategie, 1996: Die bereik van hierdie doelwit sal aansienlik bydra tot die provinsiale strategiese doelwit om “veiligheid te verhoog” en “maatskaplike samehorigheid te maksimaliseer” onderwyl dit ook onregstreeks ’n rol in “armoedeverligting” sal speel.

Strategiese Doelwit 3.3	Om openbare veiligheidsbewustheid te bevorder
Doelwit-stelling	Die implementering van opvoeding- en bewusmakingsprogramme saam met en/of deur munisipaliteite, gemeenskappe, maatskaplikeklusterdepartemente of burgerlikesamelewingsinstansies
Basislyn	Getal opvoedkundige en bewusmakingsprogramme aangebied (0)
Regverdiging	Dit sal openbare veiligheidsbewustheid onder gemeenskappe, burgerlikesamelewingsinstansies en kwesbare groepe verhoog.
Skakels	Grondwet van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996, artikel 206; Wet op die Suid-Afrikaanse Polisie, Wet 68 van 1995, artikel 3(1); Wysigingswet op die Suid-Afrikaanse Polisie, Wet 83 van 1998 en nasionale misdaadvoorkomingstrategie, 1996: Die bereik van hierdie doelwit sal aansienlik bydra tot die provinsiale strategiese doelwit om “veiligheid te verhoog”.

Strategiese doelwit		Teiken soos per Strategiese Plan	Geouditeerde / Werklike Prestasie			Geraamde prestasie 2010/11	Mediumtermteikens		
			2007/ 08	2008/ 09	2009/10		2011/12	2012/ 13	2013/ 14
3.1	Om geïntegreerde veiligheidsbeplanning-inisiatiewe en -implementering te voorsien	40	2	2	8	11	10	10	10
3.2	Om polisie-aanspreeklikheid en gemeenskap-polisie-verhoudinge te versterk	438	0	0	0	121	175	88	87
3.3	Om openbare veiligheidsbewustheid te bevorder	100	0	0	0	0	25	25	25

6.2 Prestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2011/2012 - 2013/14

Programprestasie-aanwyser		Geouditeerde / Werklike Prestasie			Geraamde prestasie 2010/11	Mediumtermteikens		
		2007/08	2008/09	2009/10		2011/12	2012/13	2013/14
3.1.1	Getal geïntegreerde maatskaplike-misdaad-voorkoming-inisiatiewe ontwikkel *	0	0	4	2	5	5	5
3.1.2	Getal geïntegreerde maatskaplike-misdaad-voorkoming-inisiatiewe geïmplementeer *	2	2	4	2	5	5	5
3.1.3	Getal implementeringsplanne in elke provinsie *	0	0	0	0	1	1	1
3.2.1	Getal funksionele gemeenskap-polisiëring-strukture *	131	164	169	175	175	175	175
3.2.2	Getal gemeenskap-polisie-aanspreeklikheid-vergaderings	0	0	0	9	25	25	25

Programprestasi-aanwyser		Geouditeerde / Werklike Prestasie			Geraamde prestasie 2010/11	Mediumtermyn teikens		
		2007/08	2008/09	2009/10		2011/12	2012/13	2013/14
3.2.3	Getal gemeenskap-polisieforums gekapasiteer	0	0	71	121	175	88	87
3.2.4	Getal buurtwagte van hulpbronne voorsien	0	0	0	71	175	200	225
3.2.5	Getal buurtwaglede opgelei	0	0	0	1300	1200	1300	1400
3.2.6	Getal implimenterings-planne in elk van die nege provinsies *	0	0	0	0	1	1	1
3.2.7	'n Goedgekeurde beleid oor GPF *	0	0	0	0	1 (ontwikkel)	1 (hersien)	1 (hersien)
3.2.8	Getal opvoedkundige en bewusmakings-programme aangebied	0	0	0	0	25	25	25
3.3.1	Getal implementerings-planne (gemeenskap-veiligheids-forums)*	0	0	0	0	1	1	1

* *Nasionale sektorspesifieke aanwysers*

6.3 Kwartaalteikens vir 2011/12

Prestasie-aanwyser		Verslag-tydperk	Jaarlikse teiken 2011/12	Kwartaalteikens			
				1 ^{ste}	2 ^{de}	3 ^{de}	4 ^{de}
3.1.1	Getal geïntegreerde maatskaplike-misdaad-voorkoming-inisiatiewe ontwikkel *	Kwartaalliks	5	1	1	1	2
3.1.2	Getal geïntegreerde maatskaplike-misdaad-voorkoming-inisiatiewe geïmplementeer *	Kwartaalliks	5	1	1	1	2

Prestasie-aanwyser		Verslag-tydperk	Jaarlikse teiken 2011/12	Kwartaalteikens			
				1 ^{ste}	2 ^{de}	3 ^{de}	4 ^{de}
3.1.3	Getal implementeringsplanne in elke provinsie *	Jaarliks	1	1	0	0	0
3.2.1	Getal funksionele gemeenskap-polisiëringstrukture*	Jaarliks	175	0	175	0	175
3.2.2	Getal gemeenskap-polisie-aanspreeklikheidsvergaderings	Kwartaalliks	25	5	7	7	6
3.2.3	Getal gemeenskap-polisieforums gekapasiteer	Kwartaalliks	175	60	60	55	0
3.2.4	Getal buurtwagte van hulpbronne voorsien	Kwartaalliks	175	0	60	60	55
3.2.5	Getal buurtwaglede opgelei	Kwartaalliks	1 200	300	300	300	300
3.2.6	Getal implimenteringsplanne in elk van die nege provinsies*	Jaarliks	1	1	0	0	0
3.2.7	'n Goedgekeurde beleid oor GPF *	Jaarliks	1	1	0	0	0
3.2.8	Getal opvoedkundige en bewusmakingsprogramme aangebied	Kwartaalliks	25	7	7	11	0
3.3.1	Getal implementeringsplanne (gemeenskap-veiligheidsforums)*	Jaarliks	1	0	0	0	1

6.4 Rekonsiliasie van prestasie-teikens met die Begroting en MTUR

Geraamde besteding

Program 3: Misdaadvoorkoming en Gemeenskap-polisie-verhoudinge							
Subprogram	Bestedingsuitkomste			Aangesui- werde begroting 2010/11	Mediumtermyn-uitgaweraming		
	2007/08	2008/09	2009/10		2011/12	2012/13	2013/14
R duisend							
Maatskaplike Misdaadvoorkoming	34 698	36 758	37 091	33 722	34 172	34 821	36 672
Gemeenskapskakeling	11 602	10 796	8 861	9 437	9 792	10 991	11 627
Bevordering van Veiligheid	200	672	886	60	300	315	331
Totaal	46 300	47 554	45 952	43 159	43 964	45 812	48 299
Ekonomiese klassifikasie							
Lopende betalings	20 476	27 941	34 970	33 294	34 165	35 941	38 236
Vergoeding van werknemers	11 868	15 141	15 680	15 753	18 131	19 115	20 453
Goedere en dienste	8 608	12 800	19 290	17 541	16 034	16 826	17 783
waarvan:							
Kommunikasie	708	720	696	361	472	496	530
Rekenaardienste		13	23	50	35	37	39
Konsultante, kontrakteurs en spesiale dienste	2 562	2 642	1 887	1 938	3 821	3 300	3 376
Voorraad	362	281	660	322	277	306	327
Bedryfshuurkontrakte	95	162	264	186	180	189	202
Reis en verblyf	3 140	3 073	2 584	1 777	1 879	1 982	2 120
Besteding aan eie en verhuurde eiendom	36	4	12	1	1	1	1
Bedryfsbesteding	816	3 841	10 912	10 467	7 433	7 895	8 514
Ander	889	2 064	2 252	2 439	1 936	2 620	2 674
Rente op en verhuring van grond							
Finansiële transaksies in bates en laste	38	6	116	3			
Oordragte en subsidies aan:	25 523	19 093	10 573	9 684	9 650	9 733	9 914
Provinsies en munisipaliteite							
Departementele agentskappe en rekeninge							
Universiteite en teknikons							
Openbare korporasies en privaat-ondernemings							
Buitelandse regerings en internasionale organisasies							
Instansies sonder winsbejag							
Huishoudings	25 523	19 093	10 573	9 684	9 650	9 733	9 914
Betalings vir kapitaalbate	263	514	293	178	149	138	149
Geboue en ander vaste strukture							

Program 3: Misdaadvoorkoming en Gemeenskap-polisie-verhoudinge							
Subprogram R duisend	Bestedingsuitkomste			Aangesui- werde begroting 2010/11	Mediumtermyn-uitgaweraming		
	2007/08	2008/09	2009/10		2011/12	2012/13	2013/14
Masjinerie en toerusting	263	510	293	178	149	138	149
Bewerkte bates							
Sagteware en ander ontasbare bates		4					
Grond en ondergrondse bates							
Vervoertoerusting							
waarvan: Gekapitaliseerde vergoeding							
Totaal	46 300	47 554	45 952	43 159	43 964	45 812	48 299

PRESTASIE EN BESTEDINGSTENDENSE

Bestedingstendense	Tendense in die getal sleutel-personeellede	Tendense in die getal sleutelinsette
Die program toon 'n gemiddelde groei van 4,82% oor die MTUR-tydperk. Die meeste van die groei kom in die subprogram Gemeenskap-polisie-verhoudinge voor.	Beperkte groei in personeelgetalle word vir hierdie program verwag. Die meeste poste in hierdie program is gevul.	Die strategiese plan gaan van die veronderstelling uit dat die hulpbronne daarop gerig sal word om program 3 se kernmandaat te implementeer, naamlik om vennootskappe met die gemeenskap te bevorder deur geïntegreerde veiligheidsbeplanningsinisiatiewe en -implementering te voorsien, polisie-aanspreeklikheid en polisie-gemeenskap-verhoudinge te versterk, GPF's te kapasiteer en te bemagtig en veiligheidsbewustheidsprogramme in die Wes-Kaap aan te bied.

7. PROGRAM 4: VERKEERSBESTUUR

Met ingang 1 April 2011 sal die program se naam in ooreenstemming met die nasionale begroting en programstruktuur vanaf Verkeersveiligheidsbevordering na Verkeersbestuur verander word. Dit bestaan uit vier (4) subprogramme naamlik Programondersteuning, Verkeerswetstoepassing, Padveiligheidsbestuur en Verkeersopleiding-en-ontwikkeling. Die program sal voortgaan om padveiligheid in die provinsie te bevorder deur verkeerswetstoepassingsdienste te lewer, padveiligheidsopvoeding te fasiliteer, te kommunikeer, bewustheid te skep en opleiding- en ontwikkelingsgeleenthede aan alle verkeerspolisiëringsamptenare en ander wetstoepassingsamptenare te bied.

7.1 Jaarlikse teikens per strategiese doelwit vir 2011/12

Die visie van die Departement om 'n samelewing met ope geleenthede, sonder vrees vir misdaad, te skep, sal grootliks afhanklik wees van 'n veiliger padmilieu. Padgebruikers moet veilig voel op die provinsie se paaie. Dit sal bereik word deur verkeer te bestuur by wyse van die lewering van doeltreffende verkeerswetstoepassingsdienste. Tans belemmer sekere disfunksies die lewering van só 'n diens. Hierdie disfunksies sluit in die fragmentasie van verkeerswetstoepassingsdienste, die gebrek aan eenvormige bedryfsprosedures, wisselende interpretasies van werkverrigting, plaaslike owerhede wat óf oor hul eie óf geen padveiligheidstrategie beskik nie en duplisering van bestuurstrukture asook duplisering van dienste in geografiese gebiede. 'n Hersiening van die huidige padveiligheidstrategie (voorheen bekend as die MVO-strategie) asook die provinsiale "Kom veilig tuis"-strategie en enige addisionele padveiligheidstrategieë op die vlak van plaaslike owerhede is uiters belangrik om hierdie disfunksies uit die weg te ruim. Dit sal aanleiding gee tot die ontwikkeling van 'n inklusiewe provinsiale padveiligheidstrategie. Sodanige ooreenstemming sal tot gevolg hê dat gefragmenteerde strategieë verwant aan wetstoepassing, opvoeding en opleiding as 'n allesomvattende provinsiale strategie geïntegreer word wat leiding, koördinasie en rigting aan verkeersbestuur in die provinsie sal verleen.

Die doelwit om padgebruikergedrag deur doeltreffende verkeerswetstoepassing te beïnvloed, sal behaal word deur 'n 24/7-wetstoepassingsdiens te voorsien wat saamgevat sal word in 'n provinsiale operasionele plan wat in samewerking met

strategiese vennote ontwikkel sal word om verkeersoperasies binne die provinsie te rig. Geïntensiveerde spoedmonitering en padblokkades met 'n fokus op bestuurder- en voertuiggeskiktheid sal 'n gedeelte van geïntegreerde operasies uitmaak. Die beslagleggingsfasiliteite wat daargestel word, sal verseker dat voertuigbeslaglegging met die nodige infrastruktuur geïmplementeer kan word om wetstoepassingsoptrede te ondersteun. Die provinsie voorsien dat daar 117 428 voertuie per maand voorgekeer sal word om nakoming van verkeerswetgewing ooreenkomstig die nasionaal ontplooiëde wetstoepassingsplanne te verseker. Die provinsiaal ontplooiëde wetstoepassingsplan sal geïmplementeer word. Die nasionaal ontplooiëde wetstoepassingsplan verleen leiding aan provinsiale wetstoepassingsaktiwiteite en het ten doel om een (1) miljoen voertuie per maand oral in die land voor te keer. Daar is spesiale fokusgebiede waarop provinsies moet fokus:

- bestuurdergeskiktheid
- bestuursoortredings
- openbare vervoer
- voertuiggeskiktheid
- voetgangerveiligheid
- misdada voorkoming.

Die doelwitte van die plan is om ongelukke, sterftes en ernstige beserings te verminder; 'n verhoogde bewustheid van padveiligheidskwessies te skep; goeie padgebruikergedrag in te skerp en vrywillige nakoming te verhoog; bespeuring en vervolging van kritieke padverkeermisdrywe te verhoog; die koers van misdrywe op alle belangrike veiligheidsindekse te verlaag asook om gemeenskaplike operasies te harmonieer en te koördineer ten einde tot verhoogde veiligheid by te dra. Beampies wat verkeerswetgewing toepas, sal deur middel van verbeterde werktuie gekapasiteer/bemagtig word wat werksomstandighede sal verbeter as deel van 'n veelledige strategie om kapasiteit binne die provinsie te behou.

Die program het ten doel om strategieë na te vors en te ontwikkel wat:

- alle besteding aan regstreekse verkeerswetstoepassing, opleiding en padveiligheidsopvoeding en –bewustheid sal koördineer en optimaliseer ten einde padveiligheid te maksimaliseer en padgebruikers se geleentheid om te oortree, sal minimaliseer
- oorweging sal skenk aan hoe om die hulpbronne en vaardighede van die samelewing as geheel optimaal deel te maak van die doelwit om padveiligheid te optimeer en oorweging sal skenk aan hoe om die provinsie se padveiligheidshulpbronne, d.w.s. met insluiting van alle munisipaliteite, optimaal by 'n breër provinsiewye padveiligheidsstrategie te integreer
- 'n gekoördineerde, geteikende benadering deur alle tersaaklike provinsiale regeringsdepartemente en –entiteite sal aandryf om tot die demotivering van oortreders by te dra en werk te maak van die grondoorsake van verkeersmisdrywe.

Die program sal ook poog om werk te maak van die verdeeldheid wat oor die Departemente van Gemeenskapsveiligheid en Vervoer en Openbare Werke en nasionale inisiatiewe soos die Wet op die Administratiewe Beregting van Verkeersmisdrywe (AARTO) heen strek. Die program sal dus die implementering van AARTO lei en die provinsiale en plaaslike regerings se gereedheid vir die implementering van AARTO verseker. Voorts sal dit strategieë implementeer om personeel te behou ten einde die beskikbaarheid van skaars vaardighede binne die program te verseker onderwyl die geografiese nalatenskap ten opsigte van dienslewering ook hersien sal word.

Die program het steeds ten doel om 'n professionele verkeerspolisiëringswerkmag te ontwikkel. Om dit tot uitvoer te bring en beduidende vordering in hierdie verband te maak, sal tien (10) formele opleidingskursusse aangebied word. Hierby ingesluit is een (1) basiese kursus vir verkeersbeamptes, vier (4) kursusse vir ondersoekers van voertuie en vyf (5) kursusse vir ondersoekers van bestuurderslisensies. Die duur van die basiese kursus vir verkeersbeamptes is vanaf ses (6) maande na een (1) jaar verleng. Verskeie informele kursusse sal ook aangebied word na gelang van 'n behoefte-ontleding en sal na alle waarskynlikheid die volgende insluit: 'n opknappingskursus in vuurwapens en kursusse in spoedbeperking en hulpverlening langs die pad. Die opleidingskursusse is daarop gemik om verkeersbeamptes en ander wetstoepassingsbeamptes toe te rus met die kennis en vaardighede wat nodig is om 'n professionele diens ten opsigte van padveiligheid te lewer. 'n Professionele werkmag sal daartoe in staat wees om

by te dra tot die optimalisering van padveiligheid in soverre wette doeltreffend toegepas word wat aanleiding sal gee tot verhoogde veiligheid en verhoogde toegang tot veilige en doeltreffende vervoer in die provinsie en grootliks daartoe sal bydra dat alle mense in Suid-Afrika beveilig is en veiliger voel. Die strategiese doelwit dra verder tot ander uitkomst van die nasionale regering by soos ‘n “geskoolde en bedrewe werkmag ter ondersteuning van inklusiewe groei”, “‘n doeltreffende, mededingende en sensitiewe ekonomiese infrastruktuurnetwerk”, “‘n sensitiewe, verantwoordbare, doeltreffende en doelmatige stelsel van plaaslike regering”, “‘n doeltreffende, doelmatige en ontwikkelingsgeoriënteerde staatsdiens” en “‘n bemagtigde, billike en inklusiewe burgers”.

Die strategiese doelwit om padgebruikergedrag te beïnvloed deur onderrig in veilige padgebruik aan te bied, is ontwerp om burgers oor padveiligheidsaangeleenthede op te voed maar om ook tegelykertyd werk te maak van die grondoorsake van verkeersmisdrywe. Die aantal ingrypings verwant aan padveiligheidsopvoeding en –bewustheid sal verhoog word. Hierdie ingrypings sal afgestem word op skoolgaande leerders ten einde die uiteindelijke gedrag van toekomstige bestuurders asook voetgangergedrag te beïnvloed. Openbare onderrig is insgelyks gefragmenteer en word nie aangebied op ‘n skaal wat vir die samelewing as geheel toeganklik is nie. In ‘n poging om die gedrag van volwasse padgebruikers te beïnvloed, sal die aantal ingrypings verhoog word en dit sal in vennootskap met burgerlike-samelewingsorganisasies geïmplementeer word. In die besonder sal klem daarop geplaas word om ‘n benadering te koördineer wat bewustheid bevorder sover dit organisasies betref wat skoliere vervoer. Verder sal die klem daarop val om te verseker dat leerders wat skool toe loop, veilig is. Die GOP’s van die dertig (30) munisipaliteite sal geëvalueer word om die fokus op padveiligheid te versterk en om sodanige planne in belang van die provinsie te beïnvloed.

Strategiese Doelwit 4.1	Om die program doeltreffend te bestuur en te ondersteun
Doelwitstelling	Om bestuur- en strategiese ondersteuning aan die program te verleen
Basislyn	Getal ten volle doeltreffende prestasie-evaluerings van HD: VB (1)
Regverdiging	Dit sal die optimale funksionering van die program verseker.
Skakels	Dit sal bydra tot ‘n bemagtigende omgewing waarbinne die program se strategiese doelstelling gerealiseer kan word.

Strategiese Doelwit 4.2	Om padgebruikergedrag deur doeltreffende wetstoepassing te beïnvloed
Doelwitstelling	Om wet en orde vir alle vorms van vervoer te handhaaf deur gekonsolideerde en geïntegreerde verkeerspolisiëringsoperasies te verskaf
Basislyn	Verslae oor nakoming ten opsigte van verkeerswetstoepassing: 4
Regverdiging	Die voorneme is om dienslewering te versterk, hulpbronne te konsolideer, duplisering te vermy en 'n naatlose diens te skep om sodoende by te dra tot die vermindering van padtrauma.
Skakels	Dit sal bydra tot die Provinsiale Regering se strategiese doelwit om veiligheid te verhoog asook groter sinergie skep soos deur die nasionale regering voorgestaan word.

Strategiese Doelwit 4.3	Om 'n professionele verkeerspolisiëringswerkmag te ontwikkel
Doelwitstelling	Verskaf opleiding en ontwikkeling aan verkeersbeamptes en ander wetstoepassingsbeamptes in die Wes-Kaap om eenvormige norme en standaarde te verseker.
Basislyn	Getal formele opleidingskursusse: 11
Regverdiging	Dit sal die versterking van professionalisme toelig deur middel van die opleidingsingrypings wat aangebied word.
Skakels	Die bereikvan hierdie doelwit sal bydra tot die nasionale en provinsiale regering se strategiese doelstelling om vaardigheidsontwikkeling en 'n doeltreffende staatsdiens te bevorder. Dit sal ook aanvullend wees tot die provinsiale strategiese doelwit om veiligheid te verhoog.

Strategiese Doelwit 4.4	Om padgebruikergedrag te beïnvloed deur opvoeding- en bewusmakingsingrypings oor padveiligheid aan te bied
Doelwitstelling	Om padveiligheidopvoeding- en -bewusmakingsprogramme en projekte oor die provinsie heen te institutionaliseer deur deelname aan geïntegreerde strukture en prosesse te fasiliteer
Basislyn	252 opvoedkundige en bewusmakingsingrypings
Regverdiging	Dit sal daartoe bydra om betekenisvolle vennootskappe te smee in ooreenstemming met die provinsiale regering se visie en sal openbare opvoedingsgeleenthede versterk wat tot gedragsverandering aanleiding sal gee met die oog daarop om padsterftes te verminder.
Skakels	Belanghebbendes moet toenemend aangemoedig word om binne strukture en prosesse soos die SOBO's, GOP's/GVP's, PRMTUS en GPF's padveiligheid bykomend tot ander veiligheidskwessies te oorweeg ten einde die provinsiale strategiese doelwit om veiligheid te verhoog deur die hele samelewing te betrek, tot uitvoer te bring.

Strategiese doelwit		Teiken soos per Strategiese Plan	Geouditeerde / Werklike Prestasie			Geraamde prestasie 2010/11	Mediumtermteikens		
			2007/ 08	2008/09	2009/10		2011/12	2012/ 13	2013/ 14
4.1	Om die program doeltreffend te bestuur en te ondersteun	4	1	1	1	1 (prestasi-evaluering)	1 (prestasi-evaluering)	1 (prestasi-evaluering)	
4.2	Om padgebruiker-gedrag deur doeltreffende wetstoepassing te beïnvloed	16	0	0	0	4 Nakomings-verslae	4 Nakomings-verslae	4 Nakomings-verslae	
4.3	Om 'n professionele verkeers-polisiëring-werkmag te ontwikkel	40	11	11	11	10	10	10	
4.4	Om padgebruiker-gedrag te beïnvloed deur opvoeding- en bewusmaking-ingrypings oor padveiligheid aan te bied	1 390	0	243	230	252	310	340	360

7.2 Prestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2011/2012 - 2013/14

Programprestasie-aanwyser		Geouditeerde / Werklike Prestasie			Geraamde prestasie 2010/11	Mediumtermteikens		
		2007/08	2008/09	2009/10		2011/12	2012/13	2013/14
4.1.1	Getal ten volle doeltreffende prestasie-evaluerings van die HD: Verkeersbestuur	1	1	1	1	1	1	1
4.2.1	Getal operasionele planne	0	2	2	1	1	1	1
4.2.2	Getal VWT-nakomingsverslae	0	1	4	4	4	4	4
4.2.3	Getal ure van spoedmeting *	0	0	0	9 182	10 283	11 311	12 442
4.2.4	Getal voertuie wat die spoedgrens oorskry *	0	248 639	278 269	97 048	117 428	129 170	142 087
4.2.5	Getal voertuie by padblokkades gekontroleer*	0	0	0	109 110	276 392	304 031	334 434
4.2.6	Getal padblokkades gehou *	0	0	0	2 220	3 152	3 467	3 813
4.2.7	Getal verkeers-beampes*	402	406	389	380	425	440	455
4.2.8	Getal patrollievoertuie *	210	215	216	215	213	221	221
4.2.9	Getal verkeersbeampes per km gekompakteerde paaie in provinsie*	1:15	1:15	1:16	1:16	1:16	1:15	1:15
4.2.10	Getal verkeersbeampes per patrollievoertuig*	1.9	1.9	1.8	1.8	1.9	2	2
4.2.11	Getal geregistreerde voertuie per verkeersbeampte*	1:3811	1:38371	1:4032	1:4152	1:3740	1:3613	1:3494
4.2.12	Getal nuut gewerfde wetstoepassing-beampes *	0	0	0	26	15	15	15
4.2.13	Getal onpadwaardige voertuie waarop beslag gelê is *	0	0	0	175	200	200	200
4.3.1	Getal formele opleidingskursusse	11	11	11	11	10	10	10

Programprestasi-aanwyser		Geouditeerde / Werklike Prestasie			Geraamde prestasie 2010/11	Mediumtermyn teikens		
		2007/08	2008/09	2009/10		2011/12	2012/13	2013/14
4.3.2	Getal verslae oor opleidingskursusse	0	0	0	0	4	4	4
4.4.1	Getal opvoedkundige padveiligheids-ingrypings	0	0	120	132	150	160	170
4.4.2	Getal bewusmakings-ingrypings oor padveiligheid	0	0	110	120	160	180	190
4.4.3	Getal GOP's geëvalueer (ten opsigte van padveiligheid)	0	0	0	30	30	30	30
4.4.4	Getal skole betrek by opvoedkundige programme oor padveiligheid (gemiddeld) *	0	0	0	500	550	600	650
4.4.5	Getal leerders opgelei *	0	0	0	39 600	42 000	45 000	50 000
4.4.6	Getal volwassenes opgelei *	0	0	0	2 640	2 700	2 750	2 800

* **Nasionale vervoersektor-spesifieke aanwysers**

7.3 Kwartaalteikens vir 2011/12

Prestasie-aanwyser		Verslag-tydperk	Jaarlikse teiken 2011/12	Kwartaallikse teikens			
				1 ^{ste}	2 ^{de}	3 ^{de}	4 ^{de}
4.1.1	Getal ten volle doeltreffende prestasie-evaluerings van die HD: Verkeersbestuur	Jaarliks	1	0	0	0	1
4.2.1	Getal operasionele planne	Jaarliks	1	1	0	0	0
4.2.2	Getal VWT-nakomingsverslae	Kwartaalliks	4	1	1	1	1
4.2.3	Getal ure van spoedmeting *	Kwartaalliks	10 283	2 570	2 570	2 570	2 573
4.2.4	Getal voertuie wat die spoedgrens oorskry *	Kwartaalliks	117 428	29 357	29 357	29 357	29 357
4.2.5	Getal voertuie by padblokkades gekontroleer *	Kwartaalliks	276 392	69 098	69 098	69 098	69 098

Prestasie-aanwyser		Verslag-tydperk	Jaarlikse teiken 2011/12	Kwartaalike teikens			
				1 ^{ste}	2 ^{de}	3 ^{de}	4 ^{de}
4.2.6	Getal padblokkades gehou *	Kwartaalike	3 152	788	788	788	788
4.2.7	Getal verkeers-beamptes*	Kwartaalike	425	425	425	425	425
4.2.8	Getal patrollievoertuie *	Kwartaalike	213	213	213	213	213
4.2.9	Getal verkeersbeamptes per km gekompakteerde paaie in provinsie *	Kwartaalike	1:16	1:16	1:16	1:16	1:16
4.2.10	Getal verkeersbeamptes per patrollievoertuig*	Kwartaalike	1,9	1,9	1,9	1,9	1,9
4.2.11	Getal geregistreerde voertuie per verkeersbeampte*	Kwartaalike	1:3740	1:3740	1:3740	1:3740	1:3740
4.2.12	Getal nuut gewerfde wetstoepassing-beamptes *	Kwartaalike	15	15	0	0	0
4.2.13	Getal onpadwaardige voertuie waarop beslag gelê is *	Kwartaalike	200	50	50	50	50
4.3.1	Getal formele opleidingskursusse	Kwartaalike	10	2	2	4	2
4.3.2	Getal verslae oor opleidingskursusse	Kwartaalike	4	1	1	1	1
4.4.1	Getal opvoedkundige padveiligheids-ingrypings	Kwartaalike	150	30	40	40	40
4.4.2	Getal bewusmakings-ingrypings oor padveiligheid	Kwartaalike	160	30	45	40	45
4.4.3	Getal GOP's geëvalueer (ten opsigte van padveiligheid)	Jaarliks	30	0	0	30	0
4.4.4	Getal skole betrek by opvoedkundige programme oor padveiligheid (gemiddeld) *	Kwartaalike	550	130	140	140	140

Prestasie-aanwyser		Verslag-tydperk	Jaarlike teiken 2011/12	Kwartaalike teikens			
				1 ^{ste}	2 ^{de}	3 ^{de}	4 ^{de}
4.4.5	Getal leerdersopgelei *	Kwartaalike	42 000	10 500	10 500	10 500	10 500
4.4.6	Getal volwassenes opgelei *	Kwartaalike	2 700	675	675	675	675

* *Nasionale verkeersektorspesifieke aanwysers*

7.4 Rekonsiliasie van prestasieteikens met die Begroting en MTUR

Geraamde besteding

Subprogram	Bestedingsuitkomst			Aangesuiwerde begroting 2010/11	Mediumtermyn-uitgaweraming		
	2007/08	2008/09	2009/10		2011/12	2012/13	2013/14
R duisend							
Programondersteuning	920	1 215	1 458	1 758	1 913	2 068	2 212
Verkeerswetstoepassing	80 271	96 951	115 991	130 499	139 249	165 902	173 121
Padveiligheidsbestuur	5 568	6 326	6 062	6 739	7 978	8 689	9 247
Verkeersopleiding en -ontwikkeling	10 023	10 453	12 013	12 830	14 503	15 428	16 434
TOTAAL	96 782	114 945	134 524	151 826	163 643	192 087	201 014
Ekonomiese klassifikasie							
Lopende betalings	96 168	112 511	130 231	147 304	162 073	188 148	200 380
Vergoeding van werknemers	65 098	76 179	91 500	108 795	122 912	141 823	151 733
Goedere en dienste	31 070	36 331	38 725	38 509	39 161	46 325	48 647
waarvan:							
Kommunikasie	1 900	1 447	1 426	1 661	1 775	1 864	1 957
Rekenaardienste	497	680	908	1 055	769	1 107	1 163
Konsultante, kontrakteurs en spesiale dienste	824	458	1 259	361	894	1 289	1 352
Voorraad	1 125	1 135	3 932	3 043	3 707	5 628	5 910
Bedryfshuurkontrakte	893	1 240	1 062	1 042	1 154	1 212	1 272
Reis en verblyf	22 114	24 966	26 926	26 442	26 601	29 455	30 934
Besteding aan eie en verhuurde eiendom	839	330	1 058	774	839	881	925
Bedryfsbesteding	491	1 546	597	432	727	1 809	1 900
Ander	2 387	6 075	1 557	3 699	2 695	3 080	3 234
Rente op en verhuring van grond		1	6				
Finansiële transaksies in bates en laste	76	83	994	88			

Tabel 4: Program 4: Verkeersbestuur							
Subprogram R duisend	Bestedingsuitkomste			Aangesui- werde begroting 2010/11	Mediumtermyn-uitgaweraming		
	2007/08	2008/09	2009/10		2011/12	2012/13	2013/14
Oordragte en subsidies aan:	169	230	1 110	489			
Provinsies en munisipaliteite	29	12	15	6			
Departementele agentskappe en rekeninge							
Universiteite en teknikons							
Openbare korporasies en private ondernemings			20				
Buitelandse regerings en internasionale organisasies							
Instansies sonder winsbejag							
Huishoudings	140	218	1 075	483			
Betalings vir kapitaalbate	369	2 121	3 189	3 945	1 570	3 939	634
Geboue en ander vaste strukture			8				
Masjinerie en toerusting	369	2 121	3 175	3 945	1 570	3 939	634
Bewerkte bate							
Sagteware en ander ontasbare bate			6				
Grond en ondergrondse bate							
waarvan: Gekapitaliseerde kompensasie							
TOTAAL	96 782	114 945	135 524	151 826	163 643	192 087	201 014

PRESTASIE EN BESTEDINGSTENDENSE

Bestedingstendense	Tendense in die getal sleutel-personeellede	Tendense in die getal sleutelinsette
Gemiddeld toon hierdie program se begrotingstoewysing vir 2011/12 'n toename van 11,01%. Vir die MTUR buitenste jare 2012/13-2013/14 is bykomende befondsing van meer as R43 miljoen vir die subprogram verkeers-wetstoepassing op sy basislyn voorsien. Hierdie styging in hulpbrontoewysing is om die algehele versterking van verkeerspolisie se wetstoepassingkapasiteit te verseker.	Ondanks aansienlike druk om sy diensstaat te vergroot, gaan die program op kort termyn nie poog om dit te doen nie behalwe om die bestaande vakatures te vul asook dié wat weens 'n omset in personeel ontstaan. Alternatiewe ontplooiingstrategieë word gebruik om doeltreffende en doelmatige wetstoepassing op alle provinsiale paaie te verseker.	Geen addisionele voertuie sal in die nabye toekoms aangekoop word nie behalwe om bestaande voertuie te vervang.

8. PROGRAM 5: SEKURITEITSRISIKOBESTUUR

Hierdie program is bykomend tot die nasionale begroting en programstruktuur en daar word nie daarna verwys as program 5 nie. Die program het ten doel om die bestuur van stelsels en prosesse wat 'n impak op die sekuriteitsrisikoprofiel van die Provinsiale Regering van die Wes-Kaap het, te konsolideer. Dit bestaan uit drie (3) subprogramme, naamlik Programondersteuning, Provinsiale Sekuriteitsoperasies en Sekuriteitsadviesdienste.

Kliëntdepartemente bestaan in omgewings wat ooreenkomstig hul kerndiensleweringmandate uiteenlopend van aard is. Derhalwe moet die tersaaklike ingrypings op die spesifieke uitdagings van daardie kliëntdepartement reageer. Die besteding deur elke departement word egter onafhanklik bestuur.

Die voordeel van beste praktyke en gekonsolideerde verkryging moet egter nie oor die hoof gesien word nie en die onafhanklike ontwikkeling van "gespesialiseerde" kapasiteit moet nie aangemoedig word nie. In hierdie verband word daar van die program verwag om alle regstreekse besteding deur die onderskeie departemente van die PRWK te koördineer en te optimaliseer ten einde veiligheid te maksimaliseer en die geleentheid vir misdadpleging binne die openbare sektor se diensleweringomgewing te verlaag. Toegangsbeheerverslae sal as bestuurswerktuig gebruik word om die beweging van personeel te monitor onderwyl daar ook van waakfilmmateriaal gebruik gemaak sal word om skendings suksesvol te ondersoek. Deursoeking by PRWK-toegangspunte sal uitgevoer word om geleenthede vir misdad te verhoed asook om bates, personeel en besoekers te beveilig.

Die program sal die raamwerk vir nakoming en aanspreeklikheid tot voordeel van 'n holistiese model vir sekuriteitsbestuur finaliseer en institusioneeliseer wat totale risikobestuursoplossings sal bied wat op grond van geïnstitusioneeliseerde strukture vir aanspreeklikheid blitsnel deur departemente geïmplementeer kan word. Die basislyn om sekuriteitsrisikobestuur in samewerking met die PRWK te konsolideer, te koördineer en te fasiliteer, is nul (0) aangesien dit 'n heeltemal nuwe strategiese doelwit is. Dit het ten doel om 'n gekonsolideerde evaluering te lewer waarin die risikoprofiel toegelig word om sodoende holistiese oplossings vir sekuriteitsrisikobestuur aan die provinsie te bied.

Die funksionering van elke departement se sekuriteitskomitees sal deur die dwarsliggende nakoming- en aanspreeklikheidsraamwerk geïnformeer word om ooreenstemming te verseker met 'n geteikende PRWK-benadering om sekuriteitsrisiko's te minimaliseer.

Voorts sal die program sekuriteitsaanslae binne die PRWK uitvoer om die vlakke van sekuriteit te bepaal en aanbevelings rakende die implementering van teenmaatreëls aan departementshoofde te maak.

Strategiese Doelwit 5.1	Om in samewerking met PRWK-departemente sekuriteitsrisikobestuur te konsolideer, te koördineer en te fasiliteer
Doelwitstelling	Om departementshoofde met fasilitering en koördinering van hulp te wees met die oog op die tempering van risiko's binne die onderskeie departemente
Basislyn	Geen gekonsolideerde evaluerings voorgelê
Regverdiging	Dit sal bydra tot die tempering van risiko's binne PRWK-departemente.
Skakels	Dit sal bydra tot die provinsiale strategiese doelwit om veiligheid te verhoog en die departementele doelstelling om die beveiliging en beskerming van werknemers, belanghebbendes, besoekers, inligting en bates van die PRWK te maksimaliseer. Die MISS, MPSS en die dwarsliggende sekuriteitsbeleid sal die integriteit van ondersteunende funksies binne departemente versterk deur veiligheid almal se verantwoordelikheid te maak.

Strategiese Doelwit 5.2	Om veiligheid te versterk deur sekuriteitsrisiko by wyse van doeltreffende bewaking en waarneming binne die PRWK te verlaag
Doelwitstelling	Verhef sekuriteitsmaatreëls om sekuriteitsoortredings ten opsigte van diefstal en ongemagtigde toegang tot PRWK-fasiliteite te bekamp
Basislyn	52 toegangspunte aan deursoekings onderwerp
Regverdiging	Dit sal bydra tot die bekamping van diefstal en ongemagtigde toegang, aanwending van provinsiale bates, en die veiligheid van inligting, interne en eksterne belanghebbendes en lede van die gemeenskap wat die PRWK se persele besoek.
Skakels	Dit sal bydra tot die provinsiale strategiese doelwit om veiligheid te verhoog en die departementele doelstelling om die beveiliging en beskerming van werknemers, belanghebbendes, besoekers, inligting en bates van die PRWK te maksimaliseer. Die MISS, MPSS en die dwarsliggende sekuriteitsbeleid sal die integriteit van ondersteunende funksies binne departemente versterk deur veiligheid almal se verantwoordelikheid te maak.

Strategiese Doelwit 5.3	Om nakoming van en aanspreeklikheid ten opsigte van veiligheid- en sekuriteitsrisiko-regulerende en -beleidsvoorskrifte in die PRWK te maksimaliseer
Doelwitstelling	Verhoog die vlak van nakoming deur alle departemente ten opsigte van personeel-, inligting-, dokument-, kommunikasie- en fisieke sekuriteit deur sekuriteitskomitees binne PRWK-departemente daar te stel, te handhaaf en te ondersteun
Basislyn	1 evaluering van bevindinge en aanbevelings ten opsigte van die nakoming- en aanspreeklikheidsraamwerk

Regverdiging	Dit sal bydra tot die tempering van risiko's verwant aan personeel-, inligting-, dokument-, kommunikasie- en fisieke sekuriteit.
Skakels	Dit sal bydra tot die provinsiale strategiese doelwit om veiligheid te verhoog en die departementele doelstelling om die beveiliging en beskerming van werknemers, belanghebbers, besoekers, inligting en bates van die PRWK te maksimaliseer. Die MISS, MPSS en die dwarsliggende sekuriteitsbeleid sal die integriteit van ondersteunende funksies binne departemente versterk deur veiligheid almal se verantwoordelikheid te maak.

8.1. Jaarlikse teikens per strategiese doelwit vir 2011/12

Strategiese doelwit		Teiken soos per Strategiese Plan	Geouditeerde / Werklike Prestasie			Geraamde prestasie 2010/11	Mediumtermteikens		
			2007/ 08	2008/09	2009/10		2011/12	2012/ 13	2013/ 14
5.1	Om in samewerking met PRWK-departemente sekuriteitsrisiko-bestuur te konsolideer, te koördineer en te fasiliteer	4	0	0	0	0	1	1	1
5.2	Om veiligheid te versterk deur sekuriteitsrisiko by wyse van doeltreffende bewaking en waarneming binne die PRWK te verlaag	780	0	4	4	52	104	156	208
5.3	Om nakoming van en aanspreeklikheid ten opsigte van veiligheid en sekuriteitsrisiko-regulerende en beleidvoorskrifte in die PRWK te maksimaliseer	49	0	0	0	1	12	12	12

8.2 Prestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2011/2012 – 2013/14

Programprestasie-aanwyser		Geouditeerde/Werklike prestasie			Geraamde prestasie 2010/11	Mediumtermteikens		
		2007/08	2008/09	2009/10		2011/12	2012/13	2013/14
5.1.1	Getal gekonsolideerde evaluering van sekuriteitsrisiko-bestuur binne die PRWK	0	0	0	0	1	1	1

Programprestasi-aanwyser		Geouditeerde/Werklike prestasie			Geraamde prestasie 2010/11	Mediumtermyn teikens		
		2007/08	2008/09	2009/10		2011/12	2012/13	2013/14
5.1.2	Getal departementele sekuriteitskomitees ondersteun	0	0	4	0	12	12	12
5.1.3	Getal provinsiale dwarsliggende forums vir sekuriteitsbestuurders	0	0	0	0	1	1	1
5.2.1	Getal deursoekings uitgevoer om die PRWK se bates, personeel en besoekers te beveilig	0	4	4	52	104	156	208
5.2.2	Getal verslae oor toegangsbeheer aan PRWK-departemente voorsien as 'n bestuursinstrument	0	0	0	0	48	84	88
5.3.1	Getal sekuriteitsaanslae uitgevoer	0	233	147	40	40	60	80
5.3.2	Getal moniteringsverslae ten opsigte van die nakomings- en aanspreeklikheidsraamwerk	0	0	0	1	12	12	12

8.3 Kwartaalteikens vir 2011/12

Prestasie-aanwyser		Verslag-tydperk	Jaarlikse teiken 2011/12	Kwartaalteikens			
				1 ^{ste}	2 ^{de}	3 ^{de}	4 ^{de}
5.1.1	Getal gekonsolideerde evaluerings van sekuriteitsrisikobestuur binne die PRWK	Jaarliks	1	0	0	0	1
5.1.2	Getal departementele sekuriteitskomitees ondersteun	Kwartaalliks	12	3	3	3	3
5.1.3	Getal provinsiale dwarsliggende forums vir sekuriteitsbestuurders	Jaarliks	1	0	0	1	0
5.2.1	Getal deursoekings uitgevoer om die PRWK se bates, personeel en besoekers te beveilig	Kwartaalliks	104	26	26	26	26

Prestasie-aanwyser		Verslag-tydperk	Jaarlikse teiken 2011/12	Kwartaalteikens			
				1 ^{ste}	2 ^{de}	3 ^{de}	4 ^{de}
5.2.2	Getal verslae oor toegangsbeheer aan PRWK-departemente voorsien as 'n bestuursinstrument	Kwartaalliks	48	12	12	12	12
5.3.1	Getal sekuriteitsaanslae uitgevoer	Kwartaalliks	40	10	10	10	10
5.3.2	Getal moniteringsverslae ten opsigte van die nakomings- en aanspreeklikheids-raamwerk	Kwartaalliks	12	3	3	3	3

8.4. Rekonsiliasie van prestasietekens met die Begroting en MTUR

Geraamde besteding

Program 5: Sekuriteitsrisikobestuur							
Subprogram	Bestedingsuitkomste			Aange-suiwerde begroting	Mediumtermyn-uitgaweraming		
	2007/08	2008/09	2009/10		2010/11	2011/12	2012/13
R duisend							
Programondersteuning	1 219	2 627	1 661	2 872	3 698	4 013	4 286
Provinsiale Sekuriteitsoperasies	17 813	23 904	32 695	32 779	34 834	37 265	39 581
Sekuriteitsadviesdienste	4 913	5 999	6 341	7 325	9 434	10 085	10 784
TOTAAL	23 945	32 530	40 697	42 976	47 966	51 363	54 651
Ekonomiese klassifikasie							
Lopende betalings	22 515	32 075	37 965	39 927	47 586	51 171	54 445
Vergoeding van werknemers	15 169	21 429	31 893	26 437	35 898	38 898	41 559
Goedere en dienste	7 346	10 646	6 072	13 490	11 688	12 273	12 886
waarvan:							
Kommunikasie	164	184	226	179	285	299	314
Rekenaardienste		75	15	1	8	8	9
Konsultante, kontrakteurs en spesiale dienste	1 134	2 862	2 305	3 476	1 676	1 760	1 847
Voorraad	124	351	273	752	360	378	397
Bedryfshuurkontrakte	97	91	93	82	84	88	93
Reis en verblyf	640	1 092	1 445	799	422	443	465
Besteding aan eie en verhuurde eiendom	4 591	5 026	1 317	7 493	8 593	9 023	9 474
Bedryfsbesteding	32	239	22	19	19	20	21
Ander	564	726	376	689	241	254	266
Rente op en verhuring van grond							
Finansiële transaksies in bates en laste			22	1			
Oordragte en subsidies aan:	65	45	17	1 306			
Provinsies en munisipaliteite							
Departementele agentskappe en rekeninge							
Universiteite en teknikons							
Openbare korporasies en privaat-ondernemings							
Buitelandse regerings en internasionale organisasies							
Instansies sonder winsbejag							
Huishoudings	65	45	17	1 306			
Betalings vir kapitaalbate	1 365	410	2 693	1 742	380	192	206
Geboue en ander vaste strukture							
Masjinerie en toerusting	1 365	410	2 693	1 742	380	192	206
Bewerkte bates							
Sagteware en ander ontasbare bates							
Vervoertoerusting							
waarvan: Gekapitaliseerde vergoeding							
Totaal	23 945	32 530	40 697	42 976	47 966	51 363	54 651

PRESTASIE EN BESTEDINGSTENDENSE

Bestedingstendense	Tendense in die getal sleutel-personeellede	Tendense in die getal sleutelinsette
<p>Die program toon 'n gemiddelde groei van nagenoeg 6,74 persent oor die MTUR-tydperk. Dit is nodig om implikasies van die strategiese doelwit om veiligheid te verhoog beide vanuit 'n strategiese en hulpbronprioriteringsperspektief in berekening te bring. Die strategie vereis groter ooreenstemming en ontwikkeling in samewerking met die werkstroom: optimalisering van sekuriteitsdienste vir die regering se bates, personeel en besoekers.</p> <p>Dit is nie moontlik om hulpbronne binne die MTUR-begroting te herlei of te herprioritiseer nie maar 'n bykomende toewysing word genoodsaak. 'n Kontraktuele aanstelling sal gemaak moet word om navorsing uit te voer en 'n raamwerk te ontwikkel ten einde die strategiese doelwit tot uitvoer te bring asook om op die daarstelling van 'n netwerk van veiligheidsvennootskappe te fokus.</p> <p>Die styging is ook te wyte aan kontraktuele verpligtinge en inflasionêre stygings asook vooruitgang in die bedryf wat tot nuwe internasionale tegnologiese tendense en standaarde ten opsigte van stelsels vir toegangsbeheer aanleiding gee.</p>	<p>Die program moet gemoderniseer word ten opsigte van sakeprosesse en kennisbestuur ten einde op strategie te fokus en 'n holistiese impak op veiligheid binne die PRWK en sy koppelvlakke met omgewings binne komitees te hê. Die herskikking van hulpbronne binne die program sal aangewend word om hierdie funksies te verrig.</p>	<p>Daar is verder ingegaan op die uitbreiding van die uitbestede sekuriteitsdienste ten einde veiligheid te versterk deur sekuriteitsrisiko's by wyse van doeltreffende bewaking en waarneming binne die PRWK te verlaag.</p>

DEEL C: SKAKELS MET ANDER PLANNE

9. SKAKELS MET DIE LANGTERMYN-INFRASTRUKTUUR- EN ANDER KAPITAALPLANNE

Die Departement het geen kapitaalinvesteringsprogramme nie. Dit is beperk tot die instandhouding van bates op 'n dag-tot-dag-basis.

Projeknaam	Program	Projek-beskrywing	Uitsette	Werklik 2008/09 '000	Werklik 2009/10 '000	Projek 2010/11 '000	Projek 2011/12 '000	Projek 2012/13 '000
Dag-tot-dag-instandhouding	1	Instandhouding van kantoor-geboue en staatshuise	Instandhouding van staats-eiendom	159	351	225	250	263
Instandhouding van die elektroniese toegang-beheerstelsel	5	Verseker van doeltreffende operasionele toegang-beheerstelsel	Ten volle doeltreffende operasionele stelsel	767	1 092	1 320	1 452	1 597
Versterking van elektroniese toegang-beheerstelsel	5	Heroorweging van bestaande toerusting (opgradering en versterking)	Om integriteit en aanspreeklikheid te verseker	1 424	2 008	200	750	1080
Totaal				2 350	3 451	1 745	2 452	2 940

10. VOORWAARDELIKE TOELAES

2011/12 nasionale voorwaardelike toelaes: Maatskaplike sektor UOWP aanspooringstoekenning aan provinsie: R543 000.

11. OPENBARE ENTITEITE


Geen

12. OPENBARE-PRIVATE VENNOOTSAPPE

Geen

DEEL D: OPGEDATEERDE DEPARTEMENTELE ORGANOGRAM

BYLAE D: HERSIENING VAN DEPARTEMENTELE STRATEGIESE PLAN 2010-2015



HERSIENING VAN DEPARTEMENTELE STRATEGIESE PLAN 2010 – 2015

1. VISIE

’n Veiliger samelewing met ope geleenthede vir almal ... vry van die vrees vir misdaad

2. MISSIE

Die Departement van Gemeenskapsveiligheid sal vryheid en geleenthede vir al die mense van die provinsie bevorder deur doeltreffendheid en doelmatigheid op die terrein van veiligheid te verbeter deur ’n proses van burgerlike toesighouding, geïntegreerde strategieë vir gemeenskapsveiligheid, bevordering van verkeersveiligheid en bestuur van sekuriteitsrisiko’s.

3. WAARDES

- Bevoegdheid
- Toerekenbaarheid
- Integriteit
- Sensitiwiteit
- Sorgsaamheid

4. OMSTANDIGHEIDSONTLEDING

Die PRWK is genoodsaak om sy verkiesingsmandaat in die praktyk om te skakel. Deur ’n proses van strategiese beplanning het die PRWK twaalf (12) strategiese doelwitte geïdentifiseer. Die Wes-Kaapse regering se doelwit is om van elke gemeenskap in die provinsie ’n veilige plek te maak om in te woon, te werk, te leer, te ontspan en in rond te beweeg. Die Departement van Gemeenskapsveiligheid sal ’n beheersende en fasiliterende rol vervul in die provinsiale strategiese doelwit om veiligheid te verhoog. Hierdie strategie word gegrond op die “samelewing as geheel”-benadering en om “veiligheid almal se verantwoordelikheid te maak”.

Deur die hele samelewing te betrek, word daar wegbeweeg van ’n reaktiewe benadering na ’n breër fokus op misdaadvoorkoming deur, onder andere, veilige gemeenskappe op ’n vennootskapsbasis te bou. Op die oomblik is daar bestaande vennootskappe waarbinne die Departement funksioneer. Om hierdie trajek voort te sit en te versterk, sal die Departement ’n toonaangewende rol vervul by die ontwerp en implementering van die instansies en benaderings wat nodig is om doeltreffende sekuriteitsvennootskappe te skep en te

handhaaf. Die primêre fokus van die strategie is dus om bestaande vennootskappe voort te sit en te versterk en nuwe volhoubare vennootskappe te inisieer ten einde as katalisator op te tree en die skep van veilige, positiewe omgewings en gemeenskappe te ondersteun waar die voorkoms van misdaad nêr die staanspoor minder waarskynlik sal wees. Die Departement sal, binne die dwarsliggende bestuursbenadering, hulpbronne, kennis, kreatiwiteit en alle belanghebbendes se deelname mobiliseer. Op hierdie wyse sal noue samewerking versterk word om sodoende 'n holistiese benadering tot 'n volhoubare oplossing vir misdaad te bevorder en ook op 'n tussenregeringswyse te werk. Die Departement is tans besig om strategieë en beste praktyke te bepaal oor hoe dit, gegewe sy beperkte mandaat, die beste tot die bereik van sy provinsiale strategiese doelwit 5 – om veiligheid te verhoog – kan bydra. Tot tyd en wyl sodanige prosesse gefinaliseer is, is drie (3) horisonne gestel, naamlik:

- verwydering van geleenthede om misdaad te pleeg
- vermindering van oortreders se motivering om misdaad te pleeg
- verwydering van die langtermyn-grondoorsoek van misdaad.

Die drie (3) horisonne sal ook die drie (3) historiese beleidsprioriteite van die Departement van Gemeenskapsveiligheid omvat. Hierdie prioriteite is:

- sekuriteitsdienste vir die regering se bates, personeel en besoekers
- burgerlike oorsig oor die SAPD en ander wetstoepassingsagentskappe
- padveiligheid (met inbegrip van verkeerswetstoepassing).

Die plan om hierdie uitkomst te behaal, sal oor die volgende drie (3) boekjare ingefaseer word. In 2011/12 sal hierdie beleidsprioriteite steeds die Departement se hooffokus bly en sal daar in hierdie tydperk belangrike vorderings op al hierdie terreine aangedryf word.

Voorts sal daar in 2011/12 'n belangrike ondersoek- en ontwerppoging aangewend word om die beleidsprioriteite soos hierbo uiteengesit, tot uitvoer te bring. Hierdie poging sal 'n werkstroom insluit om ondersoek in te stel na hoe om die PRWK se hulpbronne, fasiliteite en personeel die beste op verhoogde veiligheid, beide binne en rondom die PRWK se eiendom, te fokus. Die werkstroom sal 'n benadering ontwerp wat:

- alle regstreekse besteding aan sekuriteit deur die Provinsiale Regering (met inbegrip van die sekuriteitsbegrotings van individuele departemente) koördineer en optimaliseer ten einde veiligheid te maksimaliseer en geleenthede vir misdaad binne alle regeringseiendomme en –aktiwiteite te minimaliseer. Die werkstroom sal byvoorbeeld oorweeg of alternatiewe modelle vir die verkryging van sekuriteitsdienste groter veiligheid meer kostedoeltreffend sou kon oplewer en sal bestaande sekuriteitsuksesverhale binne die Provinsiale Regering identifiseer wat wydlopend gedupliseer kan word;
- 'n gekoördineerde, geteikende benadering deur alle Provinsiale Regeringsdepartemente en entiteite aandryf om 'n doeltreffende rol in die

maksimalisering van veiligheid en minimalisering van geleenthede vir misdaad in hul omliggende buurte en gemeenskappe te vervul. Die werkstroom kan byvoorbeeld geleenthede ondersoek vir regeringsfasiliteite om tot die pogings van veiligheidsinisiatiewe soos verbeteringsdistrikte in hul onmiddellike buurte by te dra; en

- 'n gekoördineerde, geteikende benadering deur alle Provinsiale Regeringsdepartemente en entiteite aandryf om by te dra tot die de-motivering van oortreders en om werk te maak van die grondoorake van misdade. Die werkstroom sal byvoorbeeld die regering se bestaande werk by 'n geïntegreerde strategie om middelmisbruik die hoof te bied, inkorporeer.

'n Ander werkstroom sal ondersoek instel na hoe die PRWK sy wetgewende magte die beste kan aanwend om oorsig oor die Suid-Afrikaanse Polisie (SAPD) en ander staats-wetstoepassingsagentskappe te monitor en uit te oefen op 'n wyse wat in ooreenstemming is met die "samelewing as geheel"-benadering tot veiligheid.

Die derde werkstroom sal oorweeg hoe om die hulpbronne en vaardighede van die samelewing as geheel deel te maak van die doelwit om padveiligheid te verhoog en sal oorweeg hoe om die provinsie se hulpbronne vir padveiligheid, met inbegrip van alle munisipaliteite, die beste by 'n breër provinsiewye padveiligheidsstrategie te integreer. Daar sal ook van die werkstroom verwag word om werk te maak van die verdeling tussen die Departemente van Gemeenskapsveiligheid en Vervoer en Openbare Werke en nasionale inisiatiewe soos die Administratiewe Begering van Verkeersmisdrywe (AARTO).

Ten slotte sal 'n werkstroom op die ontwerp van instansies en benaderings tot sekuriteitsvennootskappe fokus. Die strategie om "veiligheid almal se verantwoordelikheid te maak" noodsaak dat nuwe instansies en benaderings daargestel moet word. 'n Openbare-private Wes-Kaapse Sekuriteitsvennootskap kan byvoorbeeld van stapel gestuur word met 'n uitdruklike mandaat en 'n toegewyde begroting om die hulpbronne, kennis en kapasiteit van die regering, die privaatsektor en burgerlike samelewing te identifiseer, te mobiliseer en te integreer om veilige gemeenskappe te skep. Op sy beurt sal so 'n vennootskap help om 'n netwerk van doeltreffende streeks- en plaaslike veiligheidsvennootskappe met duidelike mandate en veiligheidsbegrotings te mobiliseer wat moontlik tot die bestaande netwerk van verbeteringsdistrikte en buurtwagte kan bydra. Sodoende sal die vennootskap nie net kennis en kapasiteit deel nie maar kan 'n reeks finansiële aansporings vir doeltreffende gemeenskapsveiligheidsvennootskappe aangebied word.

Tydens die 2012/13-boekjaar sal hierdie nuwe benaderings en instansies in geselekteerde gemeenskappe asook by die Provinsiale Regering se terreine getoets word. Die impak van die "samelewing as geheel"-model sal omsigtig geëvalueer word en alle lesse gedokumenteer word. Vanaf die 2013/14-boekjaar en daarna sal daar begin word met die

implementering van die nuwe benaderings en instansies op 'n wyer skaal oor al vier van hierdie fokusgebiede heen, onderwyl 'n sistematiese evaluasie tegelykertyd uitgevoer sal word.

Die bereik van die provinsiale strategiese doelwit om veiligheid te verhoog, sal grootliks tot die verwesenliking van die nasionale regering se uitkomst bydra, maar in die besonder tot die uitkoms dat "alle mense in Suid-Afrika veilig moet wees en veilig moet voel".

5. STRATEGIESE DOELSTELLINGS

PROGRAM 1 – ADMINISTRASIE

Strategiese uitkomstgeoriënteerde doelstelling 1	Om uitnemendheid ten opsigte van interne prosesse te verseker
Doelwitstelling	Om uitnemendheid ten opsigte van interne prosesse te verseker ten einde die Departement in die doeltreffende lewering van sy mandaat te ondersteun
Regverdiging	Dit verseker die optimale funksionering van die Departement.
Skakels	Dit sal bydra tot die bereik van al die departementele doelstellings, wat tegelykertyd tot die bereik van provinsiale en nasionale strategiese doelstellings bydra.

PROGRAM 2 – BURGERLIKE TOESIGHOUDING

Strategiese uitkomstgeoriënteerde doelstelling 2	Om burgerlike oorsig oor SAPD en ander wetstoepassingsagentskappe te optimaliseer
Doelwitstelling	Om die konstitusionele en wetgewende mandaat van burgerlike toesig houing oor wetstoepassingsagentskappe te implementeer en beide nasionale en provinsiale beleid oor veiligheid en sekuriteit te implementeer
Regverdiging	Die doelwit is om wetstoepassingsagentskappe (WTA'e) in die Wes-Kaap ten opsigte van polisiëringsaktiwiteite aanspreeklik te hou deur 'n aanspreeklikheidsraamwerk vir burgerlike toesig houing te bestuur.
Skakels	Grondwet van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996, artikel 206; Wet op Suid-Afrikaanse Polisie diens, Wet 68 van 1995, artikel 3(1); Wysigingswet op Suid-Afrikaanse Polisie diens, Wet 83 van 1998 en provinsiale strategiese doelwit 5 om "veiligheid te verhoog" soos dit in die provinsiale strategiese plan voorkom

PROGRAM 3 – MISDAADVOORKOMING EN GEMEENSAP-POLISIE-VERHOUDINGE

Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelstelling 3	Om veiligheid almal se verantwoordelikheid te maak
Doelwitstelling	Fokus op die ontwerp van instansies en benadering tot veiligheid- en sekuriteitsvennootskappe en bevorder gemeenskapspolisiering wat tot die ontwikkeling van 'n "samelewing as geheel"-model sal bydra
Regverdiging	Sulke instansies en vennootskappe sal help om 'n netwerk van doeltreffende streek- en plaaslike veiligheidsvennootskappe – ook met duidelike mandate en veiligheidsbegrotings – te mobiliseer, wat moontlik op die bestaande netwerk van verbeteringsdistrikte en buurtwagte kan voortbou.
Skakels	Dit sal bydra tot die bereik van al die departementele doelstellings wat gevolglik sal bydra tot die bereik van die provinsiale strategiese doelwit om veiligheid te verhoog asook tot die nasionale strategiese doelstellings. Die nasionale strategie vir misdadaadvoorkoming, 1996, verwys ook hier.

PROGRAM 4 – VERKEERSBESTUUR

Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelstelling 4	Om padveiligheid in die Wes-Kaap te optimaliseer
Doelwitstelling	Om padveiligheid in die provinsie te bevorder deur verkeerswetstoepassingsdienste, kommunikasie en bewusmaking te voorsien en opleiding- en ontwikkelingsdienste aan alle verkeerspolisiëeringsbeamptes en ander wetstoepassingsbeamptes te bied.
Regverdiging	Om integrasie en eenvormigheid te verseker en om die hulpbronne van die verskillende agentskappe (primêr en sekondêr) wat vir verkeersveiligheid in die provinsie verantwoordelik is, saam te snoer.
Skakels	Geïntegreerde provinsiale verkeersveiligheidsstrategieë, -beleid en -opleiding om by te dra tot die bereik van die nasionale en provinsiale strategiese doelstelling van naatlose regering, verbeterde dienslewering en verlaging van sterftes en die las van siekte en om uiteindelik armoede te verlig.

PROGRAM 5 – SEKURITEITSRSIKOBESTUUR

Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelstelling 5	Om die beveiliging en beskerming van die Provinsiale Regering van die Wes-Kaap se werknemers, belanghebbendes, inligting en bates te maksimaliseer
Doelwitstelling	Om 'n omvattende, integriteitsgebaseerde ondersteuningsdiens vir die bestuur van sekuriteitsrisiko's aan provinsiale departemente te lewer vir die bestuur van hul onderskeie sekuriteitsrisiko's
Regverdiging	Dit het ten doel om 'n doeltreffende en doelmatige diens en stelsel vir sekuriteitsrisikobestuur uit te brei ooreenkomstig 'n geïntegreerde en gekoördineerde dienslewingsmodel.
Skakels	Die uitvoer van hierdie doelstelling sal bydra tot 'n veilige en beveiligde dienslewingsomgewing in die provinsie en sluit aan by die doelstelling om sekuriteitsrisiko's te minimaliseer soos voorgeskryf kragtens die minimumstandaarde vir fisiese sekuriteit (MPSS), Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid (BGV-wet) en die minimumstandaarde vir inligtingsekuriteit (MISS) asook die strategiese doelwitte van die PRWK om veiligheid te verhoog deur sekuriteits- en beskermingsdienste te maksimaliseer asook om veiligheid almal se verantwoordelikheid te maak.

6. Strategiese doelwitte

Verwys na die Jaarlikse Prestasieplan 2011/12

7. Programprestasie-aanwysers

Verwys na die Jaarlikse Prestasieplan 2011/12